



ASPEKTE VAN ENKELE STATUTÊR
OMSKREWE VERSKYNINGSVORMS VAN
DIEFSTAL.

V E R H A N D E L I N G

Voorgelê in 1974 ter vervulling van 'n
deel van die vereistes vir die graad
Baccalaureus Legum in die Fakulteit van
Regseleerdheid aan die Universiteit
van die Oranje Vrystaat.

d e u r

C. J. T. ROODT, B. Iur. (U.O.V.S.)

Studieleier: Prof. J.N.R. VAN RHYN.

75/109
UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0187248



11106907660122000019

Univ
76
187248

HERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIL

I N H O U D S O P G A W E .

<u>Inleiding</u>	p. 1 - 4
<u>Hoofstuk 1.</u> Die geskiedenis van diefstal, meer besonder gebruiksaanmating en in verband daarmee artikel 1(1) wet no. 50 van 1956.	p. 5 - 11
<u>Hoofstuk 2.</u> Artikel 1(1) Wet No. 50 van 1956	p. 12 - 20
<u>Hoofstuk 3.</u> Kritiek en aanbeveling ten opsigte van artikel 1	p. 21 - 23
<u>Hoofstuk 4.</u> Ordonnansie no. 21 van 1966 (0) en die verband tussen artikel 141(2) en artikel 1 (1) wet no. 50 van 1956.	p. 24 - 32
<u>Hoofstuk 5.</u> Die statutêre voorskrif en die interpretasie van artikel 36 wet no. 62 van 1955	p. 33 - 34
<u>Hoofstuk 6.</u> Die Elemente van artikel 36. (i) Die beskuldigde moet in besit wees van die goedere toe die vermoede dat dit gesteelde goedere is, ontstaan het.	p. 35 - 41
(ii) Die redelike suspisie of verdenking dat die goedere gesteelde goedere is.	p. 42 - 45
(iii) Dat die beskuldigde nie in staat is om voldoende rekening van sy besit te gee nie	p. 46 - 49
<u>Hoofstuk 7.</u> Die klagstaat en prosedurele aspekte.	p. 50 - 57

ERRATA

P. 8 R.vs. Risk and others moet lees R.vs. Rish and others.

P. 12 Voetnoot (2) Hunt. P.M.A., South African criminal law and procedure, Kaapstad, 1970, vol. 2.

P. 15 voetnoot 10. S.vs. Serfontein supra moet lees S.vs. Serfontein 1962(2) P.H. K64(K).

P. 16 dit vervang met Dit.

P. 24 bespreking moet lees beperking.

P. 36 thin moet lees think.

P. 48 aanvoer moet lees aanvaar.

P. 51 voetnoot 5 verwys na die voorgaande hoofstuk en nie na die daaropvolgende hoofstuk nie.

- Hoofstuk 8. Kan "goed" soos beoog deur
artikel 36 ook "gangbare geld"
insluit. p. 58 - 62
- Hoofstuk 9. Straf en aanbevelings. p. 63 - 64

---oOo---

I N L E I D I N G.

In ons gemenerereg, soos infra aangetoon sal word, het ons slegs die misdaad "diefstal" geken met verskillende verskyningsvorms. Vandag is sommige van hierdie verskyningsvorms van diefstal nog aan ons reg bekend.

Met die ontwikkeling van die maatskappy, en die toename in bevolkingsdigtheid en handelsverkeer, het dit enersyds nodig geword om ander statutêre verskyningsvorms van diefstal op die wetboek te plaas om aan die gemeenskap se behoeftes te voorsien. Daarom is daar voorsiening gemaak vir artikel 36 wet no. 62 van 1955 asook artikel 141(2) Ord. no. 21 van 1966 (0). Andersyds het die verkeerde begrip van wat eintlik in ons gemenerereg onder furtum usus verstaan is, aanleiding gegee tot die daarstelling van art. 1(1) wet no. 50 van 1956.

Die doel van hierdie studie is dus om die vereistes van hierdie vorms van diefstal, te sistematiseer, die gesagten opsigte van elke vereiste te bespreek, die verskillende standpunte teen mekaar op te weeg en dan self 'n kritiese standpunt in te neem.

Dit word gedoen omdat hierdie statutêre verskyningsvorms van diefstal, "nuwe" misdade geskep het wat voorheen aan die juris, die polisieman en publiek onbekend was. So is daar ten opsigte van hierdie misdade die volgende gesê:

"I think it is right to say that this provision
..... should be very discreetly administered, otherwise these sections may very easily become instruments of oppression in the hands of overzealous policemen".

Die doel is andersyds dus ook om 'n handleiding daar te stel van wat presies van die voorsittende beampste, die aanklaer en die getuie verwag word, alvorens aan die vereistes van hierdie artikels beantwoord is.

Dit word ten tweede ook gedoen om aan te toon dat artikel 1(1) wet no. 50 van 1956 nie aan die moderne behoeftes voldoen nie en indien die gemeenregtelike posisie nie deur
ons howe/.....

ons howe misken is nie, dit nie nodig vir die wetgewer was om 'n misplaasde stukkie wetgewing daar te gestel het nie.

Hierdie statutêre verskyningsvorms van diefstal wat hier bespreek word, is nie 'n numerus clausus nie. Daar is intendeel veel meer statutêre verskyningsvorms van diefstal as wat hier bespreek word.

In die bespreking van hierdie verskyningsvorms van diefstal, is daar nie regsvergelijkend te werk gegaan nie. Die rede hiervoor is dat die omvang van so 'n vergelykende studie, buite die oogmerke van hierdie skripsie sou val en te omvangryk sou wees. Daar dien slegs daarop gewys te word dat in lande soos Botswana en Rhodesië in navolging van Suid-Afrikaanse wetgewing, soortgelyke verskyningsvorms van diefstal bestaan.²

Daar ons hier te doen het met verskyningsvorms van diefstal wat deur die wetgewer geskep is, is ons ten eerste aangewys op die betrokke wet self en ten tweede, die interpretasie wat die howe aan die betrokke artikel gee. Dit is 'n jammerte dat hierdie bepaalde aspek van die reg, so min kommentaar ontlok het, beide wat ons skrywers sowel as die beslissings van ons howe betref.

Daarom is hierdie verhandeling grotendeels gebaseer op die beslissings van ons howe en waar daar oor 'n bepaalde aspek deur die howe en skrywers geswyg is, is die posisie ten opsigte van die gemeenregtelike misdaad diefstal, so ver doenlik gevolg. Die gewysdes wat ter staving van 'n bepaalde punt aangehaal word, is nie die enigste gesag op die betrokke punt nie, maar slegs die gesaghebbendste en waar moontlik, die jongste.

As aanknopingspunt word in Hoofstuk 1 die verskillende vorms van diefstal soos bekend in ons gemenerereg behandel, meer bepaald die misdaad furtum usus, die ontwikkeling van hierdie misdaad, die miskennis daarvan in die Suid-Afrikaanse reg en die invloed van die Engelse Reg op diefstal. Hier word ook gewys op die verkeerde houding ingeneem deur die Appèlhof ten opsigte van furtum usus wat dan ten slotte die wetgewer/.....

2. S. vs. Johnson, 1973(4) S.A. 434 (R), S. vs. Tsima, 1970(1) P.H.H. (S) 40 (Botswana).

die wetgewer genoop het om in te gryp en art. 1(1) wet no. 50 van 1956 daar te stel.

Hoofstuk 2 handel dan oor die bepalings van artikel 1 (1) wet no. 50 van 1956, die vereistes van hierdie artikel en alles wat met hierdie artikel verband hou.

Hoofstuk 3 behels die kritiek teen artikel 1(1) wet no. 50 van 1956 en 'n aanbeveling in die vorm van wetswysiging.

Hoofstuk 4 handel oor artikel 141(2) Ord. no. 21 van 1966 (0) en dien ten eerste as 'n aanbeveling van wat die wetgewer eintlik bedoel het met artikel 1(1) van wet no. 50 van 1956. Omdat artikel 141(2) Ord. no. 21 van 1966 (0) ook 'n verskyningsvorm van diefstal is, word die vereistes daarvoor en prosedurele aspekte ook bespreek.

Hoofstuk 5 omvat die statutêre voorskrif van die derde verskyningsvorm van diefstal te wete artikel 36 wet no. 62 van 1955 en die interpretasie van hierdie artikel.

Hoofstuk 6 omskryf die elemente van artikel 36 naamlik

- (i) die besit van die saak,
- (ii) die redelike verdenking en
- (iii) die voldoende rekenskap wat van 'n beskuldigde verwag word, elkeen van bogemelde elemente met hulle eie tendense en probleme.

In Hoofstuk 7 word die klagstaat en prosedurele aspekte van artikel 36 bespreek.

Hoofstuk 8 omvat die belangrike aspek naamlik of "goed" ook "gangbare geld" insluit.

Hoofstuk 9 bevat 'n bespreking van straf by artikel 36 sowel as aanbevelings ten opsigte van hierdie artikel.

Die vernaamste gevolgtrekkings waartoe dus gekom word is dus die volgende :-

1. In die geval van artikel 1(1) wet no. 50 van 1956: 'n Algemene regs wysiging word bepleit wat beide die gevalle omsluit waar (a) die verwydering sonder toestemming en ook die gebruik sonder toestemming geskied en (b) die verwydering met toestemming maar die gebruik sonder toestemming geskied.

2. By/.....

2. By artikel 141(2) Ord. 21 van 1966 :
Die ekstensiewe interpretasie wat die Appèlhof aan bogenoemde artikel gegee het is te verwelkom. Tans omvat hierdie artikel beide die geval (a) waar die verwydering asook die gebruik sonder toestemming geskied het asook (b) die geval van verwydering met toestemming maar die gebruik sonder toestemming geskied het.

3. In die geval van artikel 36 wet no. 62 van 1955 :
 - (a) Besit deur 'n agent soos by gemeneregtelijke diefstal, van toepassing moet wees.
 - (b) Dat "goed" soos deur die artikel beoog, ook "gangbare geld" behoort in te sluit.

HOOFSTUK 1

DIE GESKIEDENIS VAN DIEFSTAL, MEER BESONDER GEBRUIKS-
AANMATIGING EN IN VERBAND DAARMEE ARTIKEL 1(1) WET NO. 50
VAN 1956.

In die Romeinse Reg was furtum 'n wye begrip wat verskillende vermoënsregtelike benadelings omvat het.

Die definisie van Paulus vir furtum is deur Justinianus tot wet verhef en blyk die mees volledige te wees.¹

FURTUM EST CONTRECTATIO REI FRAUDULOSA
LUCRI FACIENDI GRATIA VEL IPSIUS REI
VEL ETIAM USUS EIUS POSSESSIONISVE

Diefstal is dus die bedrieglike hantering van 'n saak met die oogmerke om wins te behaal, hetsy uit die saak self, of uit die gebruik of besit daarvan.

Hieruit wil dit voorkom dat daar vier verskillende handelinge strafbaar was as diefstal, naamlik :-

- (i) Die onttrekking van 'n saak deur die wettige eienaar, uit die hande van 'n besitter wat die saak regmatiglik in sy besit gehad het, soos byvoorbeeld die pandhouer. Dit staan dan bekend as furtum possessionis.
- (ii) Die gebruik van 'n ander se saak deur die besitter, nie om eienaar te word nie, maar met die bedoeling om dit tydelik te gebruik, die sogenaamde "theft of use".
- (iii) Die onttrekking van die roerende saak uit die reghebbende se beheer om eienaar van die saak te word. Dit is die algemene vorm van diefstal of te wel furtum rei (ipsius).
- (iv) Die onregmatige gebruik van 'n ander se saak wat alreeds in die besit van die dief is. Dit staan dan bekend as furtum usus.

Verloren van Themaat ² beweer dat navorsing deur Schirmer in Duitsland, Monto in Engeland en Jolowicz van Oxford oortuigend/....

1. D 47.2.1.3.

2. Verloren van Themaat, J.P., Diefstal en, in verband daarmee, bedrog in die Romeins-Hollandse Reg, Kaapstad, 1949, p. 132 et.seq.

oortuigend aantoon dat furtum usus en furtum possessionis nie aparte misdade in die Romeinse Reg was nie. Dit was slegs vorms van furtum rei.

Dit wil dus voorkom dat die Romeinse Reg een misdaad geken het, naamlik furtum rei. Hierdie misdaad het dan nie net diefstal van die saak self ingesluit nie, maar ook diefstal van die gebruik van die saak en diefstal deur die eienaar van die saak wat in die regmatige besit van 'n ander was die sogenoemde furtum possessionis.

Dat gevalle van furtum usus as diefstal aangemerkt was, is duidelik. Waar 'n persoon aan wie 'n perd toevertrou is, die perd vir 100 myl ry in plaas van 5 myl ³ of geleende vee anders gebruik as vir die doel waarvoor dit aan hom geleen is, ⁴ of wat klere dra wat hy moes skoonmaak, ⁵ is sy handeling as diefstal aangemerkt.

Daar dien dus gelet te word dat furtum usus in die Romeinse Reg slegs uit die onregmatige gebruik van 'n saak wat alreeds in besit van die dief was, bestaan het, byvoorbeeld waar die pandhouer die verpande saak gebruik. ⁶ Furtum usus het dus geen betrekking gehad op die wegneem van die saak uit die besit of beheer van die reghebbende om dit slegs tydelik te gebruik nie.

ROMEINS-HOLLANDSE REG

Uit die opvatting van ons O~~O~~ krywers wil dit voorkom dat die definisie van Paulus vir diefstal aanvaar is :

Huber ⁷ sê die volgende van diefstal :

"Volgt Diefstal, welk is aangrijpinge van een andermans goedt ter quader trouwe, en om profijt gedoen, soos ten aanzien van de geheele saak als van't bezit ofte gebruik des selfs". (my onderstreping).

Groenewegen...../

3. Inst. 4.1.6.

4. D 47.2.40.

5. D 47.2.82pr.

6. D 47.2.55pr.

7. Huber Ulrik, Hedendaagse rechtsgeleerdheid, Leeuwarden, 1690, 2de deel, boek 3, kapit V, p. 477.

Groenewegen,⁸ Voet⁹ en van der Keesel¹⁰ meen dat die gevalle waar die "dief" die saak gebruik buite sy opdragte nie meer as diefstal aangemerkt is nie. Die rede hiervoor is klaarblyklik dat dit as 'n geringe oortreding beskou is en nie die swaar strawwe regverdig het nie.

Verloren van Themaat¹¹ sê hierop die volgende :-

"Daar bestaan dus geen goeie rede om te beweer dat wat ons skrywers furtum usus en furtum possessionis genoem het, nie meer diefstal volgens hulle was nie. Wel is dikwels in gevalle van furtum usus en furtum possessionis nie meer weens diefstal vervolgt nie."

Die vraag is egter nog steeds of gebruiksaanmatiging, dit wil sê die onregmatige besittonttrekking gevolg deur die tydelike gebruik van die saak, in die Romeins-Hollandse Reg 'n misdadig was.

Moorman¹² behandel die geval waar die dief wat berou kry oor sy daad, aanbied om, of die gedeelte of gelyke geldwaarde daarvan aan die eienaar terug te besorg. Volgens hom behoort so 'n persoon nie die doodstraf te kry nie, maar moet dit as strafversagtend geld. Dit is dus duidelik dat gebruiksaanmatiging wel in die Romeins-Hollandse Reg gegeld het.

Ook Verloren van Themaat¹³ en Swanepoel¹⁴ meen dat gebruiksaanmatiging wel 'n misdryf was in die Romeins-Hollandse Reg.

Ook in die Romeins-Hollandse Reg is furtum usus nooit gebruik vir die wegneem van 'n saak om dit tydelik ongeoorloof te gebruik nie¹⁵.

DIE/.....

-
8. Ad Inst. 4.1.6.7.
 9. 47.2.15.
 10. Crim. 47.2.10. (p 91).
 11. Op cit p.136 et seq.
 12. Moorman, J., Verhandeling over de misdaden en der selver straffen deur J.J. van Hasselt, Arnhem, 1764 p. 314.
 13. op. cit. p. 143.
 14. Swanepoel, H.L., Vonnisbespreking (1) in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Febr. 1956 Vol. 19, No.1, p.67 et seq.
 15. Verloren van Themaat, op. cit. p. 143.

DIE SUID-AFRIKAANSE REG :

Die howe het bykans sonder enige uitsondering beslis dat 'n bedoeling om permanent die eiendomsreg te ontnem, vereis word. De Wet en Swanepoel¹⁶ meen dat die bedoeling om die eienaar permanent sy eiendomsreg te ontnem, van die Engelse Reg afkomstig is. Gevolglik is deurentyd verkondig dat gebruiksaanmatiging nie strafbaar is nie tensy daar 'n "reckless abandonment" van die saak was.

In R. vs. Risk and Others¹⁷ en R. vs. Dier¹⁸ het die beskuldigdes in albei gevalle bootjies geneem en daarmee geroei. In albei gevalle word hulle onskuldig bevind omdat hulle nie die bedoeling gehad het om die eienaar permanent sy eiendomsreg te ontnem nie.

Vir die daaropvolgende jare is hierdie twee uitsprake nagevolg en word gebruiksaanmatiging deurgaans in hierdie sake as furtum usus beskou¹⁹.

Obiter is daar in R. vs. Olivier²⁰ getwyfel oor die juistheid van die houding dat gebruiksaanmatiging nie diefstal is nie, maar geen direkte standpunt is daarteen ingeneem nie.

Die Vrystaatse hof, by monde van Regter-President van den Heever, is die eerste wat die teenoorgestelde standpunt inneem in R. vs. Mtaung.²¹ Die beskuldigde het gedurende die nag 'n stal oopgebreek en 'n perd verwyder. Hy ry gedurende die nag met die perd rond maar die perd is weer die volgende oggend op stal. Beskuldigde word aangekla van
huisbraak/.....

16. De Wet, J.C. en H.L. Swanepoel, Die Suid-Afrikaanse strafreg, 2de uitg., Durban, 1960, p. 353. Sien ook Wienand, S., Is furtum usus diefstal en die werklike betekenis daarvan in vergelyking met die huidige opvattinge van diefstal, ongepubliseerde verhandeling U.O.V.S., Bloemfontein, 1957, p.30 et seq.

17. 1862, 1. Roscoe 31.

18. 1869 3.E.D.C. 436.

19. R. vs. Fortuin, 1.B.A.C. 290; Van Noorden vs. Wiese (1883) 2.S.C. 47; R. vs. Murphy, (1906) 20 E.D.C. 62; R. vs. Matsowana, (1919) E.D.L. 56; R. vs. Laforte 1922 G.P.D. 487; R. vs. Friedland, 1931 (1) P.H. H.99(T); R. vs. Taljaard, 1950 (4) S.A. 323 (K); R. vs. Marais en Havanga, 1947 (3) S.A. 667 (G W) en R. vs. Dorfling, 1954 (2) S.A. 125(O).

20. 1921 T.P.D. 120.

21. 1948 (4) S.A. 120 (O).

huisbraak met die doel om te steel en diefstal en word ook daaraan skuldig bevind. Regter van den Heever laat hom as volg hieroor uit:-²²

"A person who furtively takes the property of another with the intention of enjoying its user without the consent of the owner and on the assumption that the owner had he known of such intended user (sic) would not have consented, has always been and is still according to our law a thief, even if he intends throughout to return the property furtively after the unlawful user."

Regter Horwitz wys verder op die verkeerde gebruik van furtum usus en die werklike betekenis daarvan in die Romeinse en Romeins-Hollandse Reg.

Hierdie beslissing is ook nagevolg in R. vs. Goseb²³ en R. vs. Mdunge en 'n ander.²⁴ In die laasgenoemde saak laat Regter Broome hom as volg uit :

"If he takes with the intention of using these benefits of ownership to the owner's deprivation, he is a thief, whether he intends his own use or the owner's deprivation to be for a short time or for a long time or permanent."

Oor bogemelde teenstrydighede het die Appèlhof uitsluitel gegee in R. vs. Sibiya.²⁵ Sibiya en Mdunge, werk-saam by 'n motorhawe in Durban, neem sonder toestemming van die eienaar of die reghebbende die eienaar se motor uit die betrokke motorhawe waar hulle gewerk het en ry daarmee rond. Langs die pad beland die voertuig in 'n sloot. Toe die polisie daar opdaag, was albei beskuldigdes nog op die toneel. Die beskuldigdes word in die Streekhof van diefstal aangekla en veroordeel. Die Appèl na die Natalse Afdeling van die Hooggeregshof is nie suksesvol nie en hierop appèlleer hulle na die Appèlhof.

Die Appèl word gehandhaaf met 'n meerderheid van vier teen een. Die minderheidsuitspraak word gegee deur A.R. van den Heever wat ook in Mtaung se saak die uitspraak gegee het.

Appèlregter/...

22. supra p. 120.

23. 1955 (2) S.H. H.139 (S W A)

24. 1955 (1) S.A. 693 (N) op p. 694.

25. 1955 (4) S.A. 247 (A).

Appèlregter Schreiner wat die meerderheidsuitspraak lewer, sê die volgende ²⁶ :

"I must repeat that so far as I can ascertain none of the authorities states that the taking of a thing against the will of the owner for a temporary purpose and with the intention of returning it was a crime in Roman Law or in Roman-Dutch Law".

Appèlregter Steyn ondersteun die meerderheid op grond daarvan dat die misdryf van gebruiksaanmatiging deur onbruik verval het.

Appèlregter van den Heever lewer die minderheidsuitspraak en beroep hom op Inst.4.1.6. ²⁷. Hierdie beslissing is onderhewig aan heelwat kritiek ²⁸. Die volgende kan slegs kortliks aangemerkt word.

Die vereiste "the intent to deprive the owner permanently of the benefits of his ownership", is uit die Engelse Reg afkomstig. Beide Regters Schreiner en Steyn steun op hierdie vereiste.

In Trust Bank vs. Eksteen, ²⁹ is Regter Steyn self in 1964 aan die woord toe hy moet beslis of 'n beginsel van 'n vreemde regstelsel deur ons eie reg in aanmerking geneem kan word :-

"Die beskouing dat ons eie outoriteite deur hierdie en derglike uitsprake regtens of vir alle praktiese doeleindes vervang is deur Engelse gewysdes, met die meegaande implikasie dat ons Howe en ook hierdie Hof, aan Engelse gewysdes gebonde is, sou ek as klaarblyklik geheel en al ongegrond moet verwerp. Geen Hof, ook nie hierdie Hof nie, besit die bevoegdheid om ons gewenereg met die reg van enige ander land te vervang die".

Erken/.....

26. supra p. 256.

27. "Furtum autem fit non solum cum quis intercipiendi causa rem alienam amovet sed generaliter cum quis alienam rem invito domino contrectat.

28. Swanepoel op. cit. p. 67 et seq.; Verloren van Themaat, J.P., Vonnisbesprekings (2), in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Febr. 1956, vol. 19, No. 1, p. 73 et seq.; De Wet en Swanepoel op. cit. p. 355

29. 1964 (3) S.A. 402 (A) op p. 410.

Erken Hoofregter Steyn dan nou dat hy in Sibiya se saak verkeerdelik na die Engelsregtelike begrip van "to deprive the owner permanently of the whole benefits of his ownership" gaan kyk het?

Burchell,³⁰ aan die anderkant, verwelkom die houding wat ingeneem is in Sibiya se saak.

Sibiya se saak het tot gevolg dat gebruiksaanmatiging, of soos die howe dit as furtum usus beskou, geen misdad meer in ons reg is nie. Indien my musiekinstrumente deur my bediende slegs vir die aand"geleen" word en dit word beskadig as gevolg waarvan ek kostes moet aangaan om dit te herstel, dit nie diefstal is nie omrede, volgens die Appèl-hof, dit te 'n geringe vergryp is. Die vraag is nou of die steel van perskes in die somer waar perskes volop is, deur 'n klomp skoolseuns, 'n ernstiger oortreding is as die geval waar my bediende my musiekinstrumente beskadig, en ek R20,00 vir die herstel daarvan moet betaal.

Dit word in oorweging gegee dat die houding in Mtaung³¹ se saak die suiwerste is en behoort nagevolg te word. Sou dit die posisie gewees het, sou dit nie nodig gewees het vir die Wetgewer om die onbeholpe stukkie wetgewing in die vorm van Artikel 1(1) Wet no.50/1956 op die Wetboek te geplaas het.

30. Burchell E.M., Furtum usus, in South African Law Journal, Febr. 1956, Vol. 73 No 1, p. 19 et seq.

31. supra

HOOFSTUK 2

ARTIKEL 1(1) WET 50 VAN 1956.

Met artikel 1(1) van die Algemene Regswysigingswet¹ het die Wetgewer ingegryp en die volgende reëling geskep :-

1. "Iemand wat goed sonder 'n bona fide aanspraak op 'n reg daartoe en sonder die toestemming van die eienaar daarvan of van die persoon wat die beheer daarvoor het uit die beheer van die eienaar of bedoelde persoon verwyder met die doel om dit sonder die toestemming van die eienaar of 'n ander persoon wat bevoeg is om sodanige toestemming te verleen, vir sy eie doel te gebruik, het sy hy deurgaans die bedoeling het om die goed aan die eienaar of die persoon uit wie se beheer hy dit verwyder, terug te besorg, al dan nie, is, tensy dit bewys word dat so iemand ten tyde van die verwydering redelike gronde gehad het om aan te neem dat die eienaar of sodanige ander persoon, indien hy daarvan geweet het, tot sodanige gebruik sou toegestem het, aan 'n misdryf skuldig, en die hof wat hom skuldig bevind kan hom enige straf oplê wat regtens vir diefstal opgelê kan word.
2. Iemand wat weens diefstal aangekla word, kan aan 'n oortreding van sub-artikel (1) skuldig bevind word, indien die feite dit bewys."

Die elemente van hierdie artikel blyk dan die volgende te wees :

(i) Die verwydering van eiendom sonder die toestemming van die eienaar of persoon in beheer van sodanige eiendom.

(ii) Die bedoeling om die eiendom vir sy eie doeleindes aan te wend sonder die toestemming van die eienaar of die persoon in beheer van sodanige eiendom.

(iii) Die redelike gronde om aan te neem dat die reghebbende tot die gebruik sal toestem.

~~Hunt~~² meen dat daar vyf elemente aan dié artikel verbonde is, naamlik (a) sonder die toestemming of persoon wat beheer oor die saak het, (b) die verwydering, (c) die eiendom (d) vanuit die beheer of kontrole van die eienaar/.....

1. No. 50 van 1956. Waar daar verder van artikel 1 gepraat word, word na bogemelde artikel verwys.
2. op cit p.617.

eienaar of 'n persoon wat beheer daaroor het en (e) die bedoeling³.

1. VERWYDERING SONDER DIE TOESTEMMING:

Die verwydering moet geskied sonder die toestemming van die eienaar of die reghebbende.

Indien die beskuldigde wel toestemming gehad het om die goedere te gebruik, word hierdie artikel nie oortree nie al koester hy die bedoeling om sonder toestemming te gebruik⁴.

Verwyder hy ook sonder die toestemming maar met die bedoeling om met toestemming te gebruik, oortree hy ook nie⁵.

In Dunyua⁶ se saak was die feite die volgende : Beskuldigde was werksaam in Brandfort en sy werkgewer gee hom toestemming om sy bewysboek op Glen te gaan haal. Beskuldigde leen hierop 'n fiets van sy medewerknemer om die bewysboek te gaan haal. Beskuldigde ry egter deur Bloemfontein toe en word sestien (16) dae later in Bloemfontein gearresteer en aangekla van diefstal. Die landdros vind beskuldigde skuldig aan bogenoemde artikel op grond daarvan dat die fiets vir slegs een dag aan die beskuldigde geleen is en die beskuldigde 'n "tweede lening" van die fiets na Bloemfontein aangegaan het en vir hierdie lening het hy geen toestemming gehad nie.

Op/.....

-
3. Uit die gewysdes blyk dit egter dat daar nie soveel elemente is nie en dat 'n element soos "eiendom" by alle gevalle van diefstal voorkom en daarom sal volstaan word by die drie bogemelde elemente. So ook is contractatio gewoonlik 'n element van diefstal en is dit reeds ingesluit in die eerste element naamlik die verwydering van die eiendom. Bona fide aanspraak is ook geen aparte vereiste nie, maar 'n element by enige vorm van diefstal en is verwysing daarna onnodig.
 4. R. vs. Maarman, 1959(2) P.H. H.217 (G W); R. vs Dunyua, 1961(3) S.A. 644(0); S. vs. Mondile, 1966(2) P.H. H. 364 (G W).
 5. De Wet, J.C., Opmerkings oor twee artikels van die algemene Regswysigingswet, no. 50 van 1956, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg Nov. 1956, vol. 19, no. 4, p.250 et seq.
 6. supra.

Op hersiening word bevind dat beskuldigde nie aan oortreding van hierdie artikel skuldig is nie. Die rede hiervoor is dat die volle beheer oor die fiets aan die beskuldigde toevertrou is en dat die verwydering nie sonder die toestemming van die klaer geskied het nie.

Hieruit volg dit dus dat indien iemand wel toestemming het om 'n saak te gebruik, en hy dit buite sy bevoegdhede gebruik, hy nie strafbaar is onder hierdie artikel nie. Die onregmatige verwydering, en nie die gebruik buite sy mandaat nie, word in hierdie artikel gestraf.

Hierdie verwydering kan geskied sonder die toestemming van die eienaar, of die persoon in beheer of besit van die saak. In R. vs. Horrace⁷ is beslis dat hierdie artikel oortree word indien die verwydering geskied het vanuit die beheer van 'n persoon wat in bevel geplaas was oor die saak.

Beheer of Kontrole :

Wat word by hierdie artikel onder beheer of kontrole verstaan?

Die belangrikste saak in hierdie verband is R. vs Seeiso,⁸ Ene Sussman het sy motor na die beskuldigde geneem om die sitplekke te herbelee. Sussman sluit die stuur en neem die sleutel terwyl hy die motor by beskuldigde laat. Die aand vind Sussman die beskuldigde 'n anderhalfmyl van beskuldigde se huis af met sy (Sussman) se motor. Die drade van die aansitter was gekoppel en die slot van die stuur gebreek. Beskuldigde word aan artikel 1 skuldig bevind. Regter Diemont⁹ sê die volgende :

"In my view the word "control" as used by the Lawgiver in this sub-section does not mean possession, nor does it refer to the bare physical detention of the article. The person who has the detention may or may not be in control of the article depending on the circumstances under which he acquired the article. We know that the accused was not in possession in this case - he did not have the animus possidendi - but he had the temporary physical detention of the car. In my view that was not enough to give him control of the car since he did not have the means of setting the vehicle in motion".

Dit/.....

-
7. 1958 (1) P.H. H 96 (G W) Sien ook R. vs. Mtshali,
1960 (4) S.A. 252 (N)
8. 1958 (2) S.A. 231 (G W)
9. supra p. 233

Dit wil dus voorkom dat, soos in die geval van Artikel 36,¹⁰ beide 'n detentio en die animus vereiste aanwesig moet wees. Detentio alleen, is nie voldoende nie.

Daarom moet met Hunt¹¹ verskil word waar hy verklaar dat sodra detentio verkry is, dit voldoende is by hierdie artikel. Die animus vereiste moet ook aanwesig wees alvorens beheer verkry is.

In R. vs. Brand¹² is beslis dat 'n persoon wat in 'n voertuig ry wat deur 'n ander bestuur word, nie in beheer is van 'n voertuig nie, tensy daar getuienis tot die teendeel is.

2. DIE BEDOELING OM DIE SAAK VIR SY EIE DOELEINDES TE GEBRUIK SONDER TOESTEMMING :

Die vraag wat hier ontstaan, is aan watter misdad die beskuldigde hom skuldig maak indien die verwydering met toestemming geskied maar die gebruik daarvan sonder toestemming geskied.

Uit die gewysdes¹³ wil dit voorkom of daar dan geen misdad begaan word nie. In Mondile¹⁴ se saak is 'n sekere Jan Swarts skuldig bevind in die landdroshof en hy vra toe die beskuldigde om R4,00 by sy vrou te gaan haal om sy boete te betaal. Beskuldigde kry die R4 by Swarts se vrou maar gebruik die geld vir sy eie doeleindes. Die skuldigbevinding word op hersiening ter syde gestel. Die rede was weereens dat die beskuldigde met die toestemming van die klaer in besit gekom het van die geld.

Indien die beskuldigde die saak sonder die toestemming verwyder maar dit nie gebruik nie, is die misdad blykbaar ook voltooid.¹⁵

Die/.....

10. infra, sien ook S. vs. Serfontein, supra.

11. op.cit. p. 618 et seq. Sien bespreking infra by Art.36.

12. 1960(3) S.A. 637 (A)

13. S. vs. Maarman, supra, S. vs. Mondile, supra.

14. supra.

15. De Wet op.cit. p.251

Die rede hiervoor is die beklemtoning van die verwyderings-element. Hieruit wil dit voorkom dat hierdie tweede element nie 'n absolute vereiste is nie.

Dit word egter aan die hand gedoen dat die basiese reël, soos neergelê in Mondile¹⁶ se saak, naamlik dat die Staat moet bewys dat die verwydering geskied het sonder toestemming en dat die saak vir sy eie doeleindes sonder toestemming gebruik is, die korrekte is. dit wil voorkom dat dit voldoende is vir die tweede element dat die enigste afleiding wat gemaak kan word, dit is om dit te gebruik sonder toestemming.

3. DIE REDELIKE GRONDE WAT MOET BESTAAN VIR DIE BESKULDIGDE OM AAN TE NEEM DAT DIE REGHEBBENDE TOT GEBRUIK SOU TOESTEM.

Allereers moet dus beslis word of 'n subjektiewe dan wel 'n objektiewe toets aangewend sal moet word ten einde vas te stel of die beskuldigde redelike gronde gehad het om te vermoed dat die reghebbende tot die gebruik sou toestem. Dit word in oorweging gegee dat, soos by artikel 36, die toets hier 'n objektiewe een moet wees.¹⁷

Op wie rus die bewyslas ten opsigte van hierdie derde element? Hieroor is alreeds standpunt ingeneem deur ons howe.

In R. vs. Carr¹⁸ is beslis dat die bewyslas op die beskuldigde rus om te bewys dat daar redelike gronde aanwesig is.

In R. vs. Dunyua,¹⁹ is die volgende gesê deur Regter Hofmeyer:-

"Daar moet egter op gewys word dat daar 'n bewyslas op die beskuldigde geplaas word om die hof met 'n oorwig van waarskynlikhede van die waarheid van so 'n verweer te oortuig".

Hieruit volg dit dus dat waar die bewyslas op die Staat is om die skuld van die beskuldigde bo redelike twyfel te bewys, die bewyslas soos in hierdie saak van gepraat word, aan die kant van die beskuldigde op 'n oorwig van waarskynlikhede slegs bewys hoef te word.

Dit/.....

16. supra.

17. infra.

18. 1959 (2) P.H.H. 174 (N).

19. supra, p. 647. Sien ook R. vs. van Eck 1958(1) P.H.H.

Dit word in oorweging gegee dat die uitgangspunt van ons howe korrek is; nie alleen omdat dit 'n bewering is van die beskuldigde wat hyself dan moet kan bewys nie, maar omdat dit ook in ooreenstemming is met die woorde van die artikel.

Die Gronde waarop beskuldigde hierdie las kan weerlê:

(i) Waar die beskuldigde verkeerdelik onder die indruk daarvan was dat die klaer toegestem het of sou toestem indien hy die klaer gevra het.²⁰

Dit sal veral die geval wees in gevalle waar soortgelyke sake reeds vantevore oor en weer aan nekaar geleen is.

(ii) Dit kan ook gebeur dat die beskuldigde dink dat hy daarop geregtig is om die saak te neem. In R. vs. Matheza²¹ het die beskuldigde in 'n hut ingebreek en klaer se bewysboek gesteel. Beskuldigde maak 'n onbeëdigde verklaring waarin hy sê dat die klaer sy vrou afgeneem het en dat hy ingebreek het om klaer se bewysboek te kry om aan die polisie te gee, sodat klaer opgespoor kan word. Die Staat erken dat die beskuldigde wel die bewysboek na die polisiestasie geneem het, voordat klaer 'n klagte gelê het.

Gevalle waar die Staat op die bepalings van die artikel gaan staatmaak.

Die beslissings²² is dit eens dat indien daar 'n moontlikheid is dat die Staat op artikel 1 gaan staatmaak, die bepalings van die betrokke artikel aan die beskuldigde verduidelik moet word.

In Ntlonlo²³ sê Regter Klopper as volg:-

"Aangesien artikel 1 van Wet 50 van 1956 'n nuwe misdaad skep wat nog nie goed bekend is nie beskou ek dit wenslik waar
(a) 'n beskuldigde teregstaan op 'n aanklag

van/.....

-
20. R. vs. Slabbert, 1941. E.D.L. 109; S. vs. Lamprecht, 1964 (3) S.A. 733(0); S. vs. De Jager, 1965(2) S.A. 616 (A), en S. vs. Monchusi, 1967(2) P.H.H. 289 (G W)
21. 1958(1) P.H.H. 123 (G W)
22. R. vs. Matheza, supra; R. vs. van Eck, supra; R. vs. Ntlonlo, 1960 (2) P.H.H. 349 (0).
23. supra.

van diefstal en onverdedig is en in besonder waar (b) die Kroongetuienis sou aantoon dat daar 'n redelike moontlikheid is in sodanige saak dat die bedoelde artikel kan toegepas word, dat die inhoud van dié artikel en die moontlikheid van beskuldigde se skuldigbevinding daaraan aan hom verduidelik word by die aanvang van die saak; en indien dit later plaasvind moet die landdros sulke stappe doen wat hy nodig ag om alle moontlike benadeling van die beskuldigde te verhoed."

Waar bogenoemde nie plaasgevind het nie, het ons howe²⁴ op hersiening die skuldigbevinding ter syde gestel en die beskuldigde sy ontslag gegee. Met respek is die houding in S. vs. Radebe²⁵ meer bevredigend naamlik om die saak terug te verwys na die landdros sodat die bepalings van artikel 1 aan die beskuldigde verduidelik kan word en die beskuldigde sodoende in staat stel om verdere getuienis voor te lê. Daarom moet met Regter Hiemstra saamgestem word waar hy verklaar:²⁶

"Dit 'n volslae verkeerde opvatting (is) dat 'n beskuldigde daartoe geregtig is om deur die hof in watter toegerol te word".

Prosedurele Aspekte:

Alhoewel die artikel daarvoor voorsiening maak dat by skuldigbevinding aan hierdie artikel dieselfde straf opgelê kan word as by diefstal, het ons howe al beslis dat lyfstraf nie 'n gepaste vonnis is onder hierdie artikel in die geval van 'n eerste oortreder nie.²⁷

Dit is ook beslis in Bezuidenhout and Another vs. R.²⁸ dat in die geval van 'n tweede oortreder, daar nie 'n diskriminasie moet wees tussen 'n eerste en tweede oortreder nie. Hier het een van die beskuldigdes reeds 'n vorige veroordeling van diefstal gehad terwyl die ander 'n eerste oortreder was.

Die/.....

-
24. S. vs. Johnson, 1970(1) P.H.H.19 (N K).
 25. 1962 (2) P.H.H.146 (O).
 26. S. vs. van Eeden, 1964(1) P.H.H.42(T).
 27. R. vs. Carr, supra.
 28. 1957 (2) P.H.H.228 (O K).

Die hof behandel albei dieselfde ten opsigte van vonnis. Dit is met respek geheel en al verkeerd. Wat is die doel dan dat daar 'n rekord van vorige veroordelings van beskuldigdes gehou word? Beide artikel 1(2) van Wet 50 van 1956 en artikel 200 van Wet 56 van 1955 maak daarvoor voorsiening dat artikel 1 'n bevoegde uitspraak op diefstal is.

Die rede vir hierdie vreemde houding lê miskien opgesluit in die feit dat die howe van mening is dat dit 'n geheel en al nuwe misdaad is.²⁹

Dit word in oorweging gegee dat daar geen rede bestaan hoekom nie dieselfde straf by 'n skuldigbevinding aan artikel 1 gegee kan word as by diefstal nie.

Kragtens artikel 198 van die Strafproseswet no. 56 van 1955 is artikel 1 ook 'n bevoegde uitspraak op huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Dit is bevestig in R. vs. Matheza³⁰ waar obiter verklaar is dat artikel 1 'n bevoegde uitspraak op huisbraak met die doel om te steel en diefstal is.

Dit is egter beslis³¹ dat artikel 1 nie 'n bevoegde uitspraak is op 'n klagte van roof nie. 'n Skuldigbevinding aan artikel 1 kom nie neer op diefstal vir die doeleindes van artikels 334, 335 en Deel I van die Derde Bylae tot die Strafproseswet, no. 56 van 1955 nie.³²

Klagstaat:

'n Klagstaat by hierdie artikel sal dan as volg lees:³³

"Dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf van oortreding van artikel 1(1) van Wet no. 50 van 1956.

Deurdad op of omtrent 19... en te of naby in die distrik
..... die genoemde beskuldigde sonder 'n bona fide aanspraak op 'n reg daartoe en sonder/.....

29. R. vs. Matheza, supra, R. vs. Ntlonlo, supra.

30. supra.

31. R. vs. Impey and Another, 1960(4) S.A.556 (O K)

32. Sien artikel 36 supra.

33. Ferreira, J.C., Strafprosesreg in die landdroshof, Kaapstad, 1967, p.279.

sonder die toestemming van die eienaar daarvan, of, die persoon wat beheer daaroor het, wederregtelik en onwettiglik sekere uit die beheer van die genoemde verwyder het, met die doel om dit sonder die toestemming van die eienaar voormeld, of van 'n ander persoon wat bevoeg is, om sodanige toestemming te verleen, vir sy eie doel te gebruik.

G e l d:

Wat onder artikel 36 ten opsigte van geld gesê word, behoort ook hier te geld.³⁴

Geld het ter sprake gekom in S. vs. Mondile³⁵ en toe het die hof hom nie uitgelaat oor die vraag of goed ook gangbare geld insluit nie. Dit blyk egter dat die hof stilswyend aanvaar het dat goed ook gangbare geld insluit.

Geld, wat die voorwerp van 'n klagte by artikel 1 is, is altyd ook geïdentifiseerd soos in die gevalle van gewone diefstal.

34. infra

35. supra

HOOFSTUK 3.

KRITIEK EN AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN ARTIKEL 1.

Kritiek teen hierdie artikel is nie iets vreemds nie.¹
Die belangrikste is egter die volgende :-

(i) Om hierdie artikel te oortree, word die afwesigheid van dubbele toestemmings geverg. Ten eerste moet daar 'n verwydering wees sonder die toestemming van die eienaar en ten tweede die bedoeling om vir sy eie doeleindes te gebruik sonder die toestemming van die eienaar. Verwyder die beskuldigde dus met toestemming, maar met die doel om die saak later sonder toestemming te gebruik, oortree hy nie.

Wat die wetgewer uit die oog verloor het, is dit, naamlik dat 'n regmatige besitter, soos 'n pandhouer, die saak onregmatiglik kan gebruik omdat daar 'n verandering van geestesgesindheid by hom ingetree het nadat hy regmatiglik in besit gekom het. Duidelik is hier ook 'n toeëieningsgesindheid uit 'n toeëieningshandeling waardeur daar inbreuk gemaak word op die regte van die eienaar of die reghebbende van die saak.

(ii) Die klem word verkeerdelik geplaas op die onregmatige verwydering in plaas van op onregmatige gebruik van die saak. Die persoon wat dus sonder die toestemming verwyder, maak homself skuldig aan hierdie artikel, selfs al gebruik hy nie eers die saak nie.

(iii) Die gebruiksofset moet teenwoordig wees op die tyd-
stip toe die saak sonder toestemming verwyder is.

Die huisjong, dus, wat my hemp uit die huis smokkel, met die doel om dit na 'n dans aan te trek, oortree al gebruik hy die hemp nie. Die hoteljong, egter, wat sonder my toestemming my skoene verwyder om hulle te gaan poets, en later die ingewing kry om met hulle te gaan dans, oortree nie omdat die gebruiksofset nie teenwoordig was op die tyd-
stip van verwydering nie. Dit is duidelik dat die handeling van die hoteljong meer laakbaar is as dié van die huisjong.

Die/.....

1. Naudé, H.T.J., Vonnisbespreking, insake R. vs. Dunyua, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Nov. 1961, vol. 24 no. 4, p.285 et seq.; De Wet op. cit. p.250; De Wet en Swanepoel, op. cit. p.356 et seq.

Die dader oortree om dieselfde rede ook nie in die volgende gevalle nie :

- (a) Waar die beskuldigde die saak sonder toestemming verwyder met die bedoeling om later toestemming te vra. Die bedoeling om sonder toestemming te gebruik, ontbreek ten tye van die verwydering.
- (b) Waar die saak met toestemming verwyder is met die doel om die saak later te gebruik.
- (c) Waar die saak met toestemming verkry is, maar die saak word vir 'n ander doel of vir 'n langer tydperk gebruik.
- (d) Waar die saak met of sonder toestemming verwyder is met die doel dat iemand anders die saak kan gebruik.

(iv) Sub-artikel 2 is onnodig en behoort tot die strafprosesreg. Artikel 200 van Wet No. 58 van 1955² maak voorsiening daarvoor dat 'n beskuldigde aan Artikel 1 skuldig bevind kan word, waar hy aanvanklik vir diefstal aangekla is.

AANBEVELINGS :

1. Dit word aanbeveel dat die wet so gewysig word dat die ongemagtigde gebruik bestraf word en nie die verwyderings-element nie. Die artikel behoort dan beide die gevalle te dek waar die beskuldigde reeds in regmatige besit van die saak is, maar dit buite sy bevoegdhede gebruik, so-wel as dié geval waar die saak sonder toestemming verwyder is vir tydelike gebruik.³

Die gewysigde wetgewing behoort dan so daar uit te sien :

Iemand wat ongemagtig die goed van die eienaar of reghebbende daartoe, gebruik, is aan 'n misdryf skuldig, en by skuldigbevinding strafbaar met dieselfde straf wat by 'n veroordeling weens diefstal opgelê kan word.

Die/....

-
- 2. Soos vervang by Artikel 55 van Wet No. 68 van 1957.
 - 3. Sien infra wat die posisie is by Art. 141(2) Ord. No. 21 van 1966 (0).

Die beswaar dat daar by 'n geringste geval van mags-oorskryding vervolging teen die persoon ingestel kan word, hou nie water nie.

Ten eerste is en was dit nog nooit die geval by oortreding van Artikel 141(2) Ordonnansie No. 21 van 1966 (0) nie.

Ten tweede kan die hof by geringe oorskrydings die beginsel van de minimis non curat lex aanwend.

HOOFSTUK 4.

ORDONNANSIE NO. 21 VAN 1966 (O) EN DIE VERBAND
TUSSEN ARTIKEL 141(2)¹ EN ARTIKEL 1(1) WET NO. 50
VAN 1956.

Hierdie Ordonnansie en in besonder artikel 141(2) is om twee redes van belang en verdien dan ook vermelding in hierdie verhandeling.

Ten eerste moet dit dien as 'n aanbeveling of voorbeeld van wat die wetgewer eintlik bedoel het met die daargestelling van artikel 1. Artikel 141(2) omvat, soos hieruit sal blyk, beide die geval waar die beskuldigde alreeds besit het en sy bevoegdhede oorskry, sowel as waar daar 'n daadwerklike verwydering is uit die beheer van die reghebbende. Soos reeds aangetoon, is daar nie plek vir so 'n wye interpretasie by artikel 1 nie.

Ten tweede is dit ook nie onvanpas om artikel 141(2) hier te behandel nie, omdat dit ook 'n verskyningsvorm van diefstal is en meteen ook die gemeenregtelike posisie, soos in Mtaung² se saak weergegee, statuter reël. Die enigste bespreking by artikel 141(2) is dat dit slegs van toepassing is op motorvoertuie wat op 'n openbare pad beweeg.

Artikel 141(2) lui as volg :-

"(2) Iedereen wat sonder die toestemming van die eienaar van of persoon wat wettige toesig het oor 'n voertuig, in sodanige voertuig op 'n openbare pad ry of dit bestuur is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar met sodanige boete sowel met sodanige gevangenisstraf".

Hierdie artikel geld vandag dwarsdeur die Republiek en word deur die onderskeie Ordonnansies van elke provinsie gereël
en/.....

-
1. Ordonnansie 21 van 1966. Waar hieronder na artikel 141(2) verwys word, word na hierdie artikel verwys.
 2. supra.

en vervang die ou Ordonnansies van elke provinsie.³

Die elemente van artikel 141(2) blyk dus die volgende te wees :

- (i) Sonder die toestemming van die eienaar of reghebbende die motor gebruik;
- (ii) Op 'n openbare pad daarin ry of dit bestuur.

Artikel 141(2) omvat dus beide furtum usus en furtum rei (gebruiksaanmatiging) soos in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg geken.

Klagstaat :

In R. vs. Mohale⁴ is beslis dat die klagstaat nie slegs moet beweer dat dit sonder die toestemming en kennis was van die wettige eienaar nie, maar dat die voertuig ook gebruik is sonder die toestemming en kennis van die persoon wat wettige beheer oor die voertuig het.

In R. vs. Strauss⁵ is beslis dat die klagstaat moet beweer dat die motor die eiendom of in die regmatige besit van die eienaar of reghebbende is, anders openbaar die klagstaat geen misdad nie.

Volgens R. vs. Rehlama,⁶ is dit ook noodsaaklik dat die klagstaat moet beweer dat die beskuldigde in die motor gery of dit bestuur het.

Ingevolge artikel 288(1) van wet no. 56 van 1955 word 'n persoon vermoed nie die houer van die nodige magtiging te wees om die voertuig te bestuur nie, tot die teendeel bewys is.

Maak 'n persoon wat reeds in besit is van die voertuig, wanneer hy die voertuig buite sy bevoegdheids gebruik, hom aan enige misdryf skuldig?

In/.....

-
- 3. Artikel 110(2) Ord. 19 van 1955 (K), artikel 138(2) Ord. 18 van 1957 (T), artikel 118(2) Ord. 26 van 1956 (N) en artikel 113(2) Ord. 17 van 1957 (O).
 - 4. 1959(2) S.A. 216(O).
 - 5. 1948(1) S.A. 42 (N).
 - 6. 1957(2) P.H.H164 (O).

In R. vs. Roux⁷ en R. vs. Leguabe⁸ is beslis dat 'n persoon wat die voertuig buite sy mandaat gebruik, skuldig is aan die betrokke artikel. In Leguabe⁹ se saak sê Regter Malan die volgende :-

"I am of opinion that the section aims not only at the case in which both the taking possession and the subsequent driving were unlawful but also at the case where the initial possession was lawful but the subsequent driving became unlawful.....
The case appears to me to be analogous to that of theft; if the driver lawfully obtains control of a motor vehicle but thereafter appropriates the car to his own use *animo furandi* he is guilty of theft."

In R. vs. Mbisi,¹⁰ was die hof nie bereid om die interpretasie wat Leguabe se saak aan die artikel gegee het, te volg nie, maar is self nie bereid om 'n opinie hieroor uit te spreek nie.

Die teenoorgestelde houding is ingeneem in R. vs Kuyler,¹¹ en Regter de Villiers beslis as volg :-

"So ook indien die eienaar die wettige besit van sy motor aan A gee vir een of ander doel en A gebruik dit vir 'n persoonlike plesierit sonder toestemming van die eienaar, kan A ook nie aangekla word van 'n oortreding van artikel 113(2) nie."

Dit was ook die houding van die Natalse hof in R. vs. Moodley.¹²

Dié kwessie het weer in Transvaal ter sprake gekom in S. vs. Le Grange.¹³ Beskuldigde is aangekla van oortreding van artikel 138(2) Ordonnansie 18 van 1957(T) deurdát hy 'n motor gebruik het sonder die toestemming van eienaar of reghebbende. Die motor was aan die beskuldigde, 'n speurder, uitgereik en hy kon die motor gebruik volgens voorskrifte van sy offisier.

Beskuldigde/.....

-
7. 1946 E.D.L. 248
 8. 1949(4) S.A. 871(T).
 9. *supra* p. 872.
 10. 1950(1) S.A. 219(N).
 11. 1960(3) S.A. 834(O) op p. 838.
 12. 1956(1) P.H.O. 8(N).
 13. 1962(1) S.A. 564 (T).

Beskuldigde gebruik hierdie motor op 'n private besoek aan Rustenburg. Die Transvaalse Hof beslis dat die beskuldigde hom nie aan 'n oortreding van hierdie artikel skuldig gemaak het nie. Die rede waarom die hof hierdie houding inneem, is dat 'n persoon by die geringste afwyking van sy mandaat, die betrokke artikel sou oortree.

Die Staat het hierop geappelleer na die Appèlhof¹⁴ en Hoofregter Steyn beslis ten gunste van die Staat. Die Hoofregter beslis dat die beskuldigde homself nie toestemming kon gee om die voertuig vir sy private ritte te gebruik nie. Vir soverre hy die voertuig dan sonder toestemming gebruik het, is hy in dieselfde posisie as 'n persoon wat 'n voertuig bestuur sonder die toestemming van die wettige eienaar.

Hierdie houding van die Appèlhof is te verwelkom gesien in die lig van die feit dat hierdie houding nooit sover uitgebrei is in artikel 1 nie.

Kan 'n persoon hom skuldig maak aan hierdie artikel indien hy in 'n motor ry of dit bestuur terwyl die persoon wat hom toestemming gegee het, nie daartoe geregtig was nie.

Hierdie is nog nie pertinent deur ons howe beslis nie. Die naaste aan 'n antwoord is die feite in R. vs. Brand.¹⁵ In hierdie saak het ene Schoeman, wat alreeds skuldig gepleit het en gevonnissen is, getuig dat hy 'n motor in Parow gesteel het. Hierop het hy na die beskuldigde gery en het hom toe ook saamgenooi om verder saam met hom te ry. Hy getuig verder dat die beskuldigde nie geweet het dat die voertuig gesteel is nie. Beskuldigde weet egter dat hy (Schoeman) nie so 'n motor besit nie. Alhoewel die hof beslis dat die beskuldigde nie aan die diefstal van 'n motor skuldig is nie, bevind die hof die beskuldigde skuldig aan oortreding van artikel 110(2) Ordonnansie no. 19 van 1955(K).

Dit wil hieruit voorkom dat wederregtelikheidsbewussyn in die vorm van dolus eventualis of culpa in die sin dat die redelike/.....

14. S. vs. Le Grange, 1962(3) S.A. 498 (A).

15. supra.

redelike persoon sou vermoed het dat dit 'n gesteelde motor is, voldoende is vir die oortreding van hierdie artikel.

Op grond van die Appèlhof se uitspraak in S. va. Le Grange,¹⁶ word aan die hand gedoen dat 'n persoon ook onder hierdie artikel skuldig is indien hy toestemming verkry het van die wettige eienaar deur middel van bedrog of wanvoorstelling.

Cooper¹⁷ sê die volgende hieroor :

"It is questionable however, whether on a charge of driving or riding in a vehicle without consent, the consent of the owner or person in lawful charge can be relied upon if that consent was obtained by fraud or misrepresentation".

In R. vs. Mabengu and Others¹⁸ is ook beslis dat hierdie artikel van toepassing is waar persone die bestuurder dwing om hulle te vervoer.

OPENBARE PAD:

Die tweede vereiste wat by artikel 141(2) geld, is dié naamlik dat die voertuig op 'n openbare pad in gery of bestuur word.

Die enigste vraag wat hier ontstaan, is wat onder "openbare pad" verstaan word.

Die woordskrywing van Ordonnansie no. 21 van 1966 (0) lui as volg :

"'n pad, straat of deurgang of, uitgenome vir die toepassing van artikel 106, enige ander plek (hetsy 'n deurgang of nie) wat gewoonweg deur die publiek of deel daarvan gebruik word of (my onderstreping) waartoe die publiek of deel daarvan die reg van toegang het en ook -

- (a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang;
- (b) 'n brug, pont of drif waaroor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop; en
- (c) enige ander werk of ding wat 'n deel uitmaak van
of/.....

16. supra.

17. Cooper W.E. en B.R. Banford, South African Motor Law, Kaapstad, 1965, p.421.

18. 1959(4) S.A. 630 (N)

of verbind is met of behoort tot sodanige pad, straat of deurgang."

Tesame hiermee is daar die bepalings van artikel 150 van dieselfde Ordonnansie wat 'n vermoede skep indien 'n voertuig op 'n pad bestuur word, dit geag word 'n openbare pad te wees, totdat die teendeel bewys is.

In 1967 het die Natalse Hof¹⁸ beslis dat 'n betonblad wat voor 'n motorhawe aangebring is, nie deel is van die openbare pad nie. Die hof interpreteer die onderstreepte woord of in die aangehaalde woordskrywing as en en beslis dat die publiek of deel daarvan nie gewoonweg die reg van toegang het op so 'n betonblad nie. Die hof gaan verder voort, en verklaar dat indien so 'n betonblad 'n openbare pad sou wees, dit sou lei tot die volgende absurditeite wat dan ook 'n openbare pad moet wees naamlik die ongeluk in 'n agterplaas van 'n winkel of hotel, die pad wat die reisiger gebruik om by 'n plaas se opstal uit te kom, 'n karavaanpark waartoe die publiek toegang het en ook 'n pad na 'n privaat woning met 'n toegangspad vir leweransiers.

Hierdie beslissing is ook gesteun in S. vs. Van Heerden.¹⁹ Beskuldigde is hier aangekla daarvan dat hy 'n voertuig bestuur het terwyl hy onder die invloed van drank was op 'n openbare pad, te wete die Mafeking sportveld. Getuienis is tot dien effekte dat toegangsgeld die betrokke Saterdag gevra is om toegang tot die atletiekveld te verkry. Beskuldigde weier om te betaal en toe hy beveel word om terug te draai, ry hy teen 'n brug vas in die sportveld. Die hof beslis dat dit nie die wetgewer se bedoeling was om private eiendom waartoe die publiek slegs reg van toegang het by betaling, as 'n openbare pad te klassifiseer nie. Dit word beslis dat die sportveld nie 'n openbare pad is nie.

Hierteenoor is daar die saak in Rhodesië²⁰ waarin beslis is dat die private pad wat deur die Wankie Steenkoolmyn opgerig/....

18. S. vs. Christodoulou, 1967(2) P.H. 045 (N).

19. 1968 (1) S.A. 65 (G W).

20. R. vs. Papenfus, 1970(1) S.A. 371 (Rhodesië, Bulawayo).

opgerig is en wat slegs vir een persent deur die publiek gebruik kon word, 'n openbare pad is. Belangrik is dat die hof beslis dat daar 'n onus op die beskuldigde rus om te bewys dat die publiek nie die pad gebruik nie.

In S. vs. Kriel²¹ beslis Regter Hiemstra dat 'n private pad, behoorlik gemerk "private pad", 'n openbare pad is. Die feite was dat die S.A. Yster en Staal Korporasie (Yskor) 'n private pad gehad het op hulle perseel. Hierdie pad is gebruik deur die werknemers by Yskor sowel as 'n deel van die publiek wat sonder toestemming van die pad gebruik gemaak het. Hierdie persone het geen openbare reg gehad om van die pad gebruik te maak nie, maar hulle word ook nie deur Yskor belet nie. Regter Hiemstra in 'n goed beredeneerde uitspraak, verwerp die siening van die Natalse hof in Christodoulou²² se saak en beslis dat die onderstreepte woord of in die woordskrywing nie met en vervang kan word nie en dat die omskrywing van openbare pad so wyd is dat dit ook hierdie pad insluit.

Hierdie beslissing moet ondersteun word omdat dit wel binne die woordskrywing van die Ordonnansie val.

Hierdie saak is opgevolg deur twee Kaapse beslissings.²³ In Kaffer se saak is beslis dat die Kaapse Parade 'n openbare pad is ongeag die feit dat die publiek moet betaal om toegang te verkry. Hiermee is daar dan ook weggedoen met die redenasie wat geopper is in Van Heerden²⁴ se saak dat sodra jy betaal, dit nie meer 'n openbare pad is nie.

In Rabe²⁵ se saak is beslis dat 'n strand by Milnerton, waartoe die publiek toegang het, 'n openbare pad is, ongeag die tekens dat dit private eiendom is.

Dit word in oorweging gegee dat die wye interpretasie wat in laasgenoemde sake gevolg is, die korrekte is, ten eerste/....

21. 1968(2) P.H.O 47 (T)

22. supra

23. S. vs. Kaffer, 1973(1) P.H.H(S) 50 (K) en S. vs. Rabe 1973(1) P.H.H (S) 44 (K).

24. supra

25. supra

eerste omdat die woordskrywing van 'n openbare pad wyd genoeg is om dit toe te laat en ten tweede omdat daar geen rede is om die letterlike betekenis van of in die woordskrywing met en te vervang nie soos in Christodoulou²⁶ se saak.

KLAGSTAAT:

Waar die Staat gaan staatmaak op 'n skuldigbevinding onder artikel 141(2) en die beskuldigde word oorspronklik aangekla van motordiefstal, behoort artikel 141(2) in die alternatief getel te word. Artikel 141(2) is ook nie 'n bevoegde uitspraak op diefstal nie.²⁷

'n Konsepklagstaat behoort dan as volg te lui :

Aanklag 1.

Dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf van diefstal.

Deurdag op of omtrent die 19 ... en te of naby in die distrik van het die genoemde beskuldigde wederregtelik en onwettiglik met registrasienommer die eiendom of in die regmatige besit van gesteel. Die betrokke voertuig was sonder die toestemming van die eienaar verkry.

Alternatief:

Dat die genoemde beskuldigde skuldig is aan die misdryf van oortreding van artikel 141(2) van Ordonnansie no. 21 van 1966 (0).

Deurdag op of omtrent die datum en te of naby die plek in die hoofaanklag vermeld, het die genoemde beskuldigde wederregtelik, onwettiglik 'n voertuig te wete met registrasienommer gebruik op 'n openbare pad, deur dit te bestuur, daarin of daarop te ry sonder die toestemming van die eienaar of van die ^{voertuig} persoon wat wettige toesig oor sodanige ^{voertuig} het, te wete

In S. vs. Arends²⁸ is beslis dat die Ordonnansie nie voorsiening maak vir lyfstraf nie en dat slegs gevangenisstraf of 'n boete of albei opgelê kan word.

Die/.....

26. supra

27. S. vs. Mokoena 1963(1) P.H. H32 (0).

28. 1969(3) S.A. 496 (K) Sien ook R. vs. Mohale, supra.

DIE EVALUERING VAN HIERDIE ARTIKEL.

- (i) Die beskuldigde maak hom aan oortreding van hierdie artikel skuldig waar hy sy bevoegdhede oorskry en ook waar die voertuig gebruik is sonder die toestemming van die eienaar of reghebbende.

Die houding in S. vs. Le Grange,²⁹ is te verwelkom.

- (ii) 'n Wys interpretasie ten opsigte van die begrip openbare pad word hieraan gegee. Hierdie houding is ook te verwelkom.³⁰

29. 1962 (3) S.A. 498(A)

30. supra.

HOOFSTUK 5.

DIE STATUTÊRE VOORSKRIF EN DIE INTERPRETASIE VAN
ARTIKEL 36 WET NO. 62 VAN 1955.

Die artikel lui as volg:¹

"Iemand wat in besit gevind word van ander goed as "vee" of "produkte" soos in artikel dertien van die "Veediefstal Wet, 1923", (Wet no. 26 van 1923), omskrywe, ten opsigte waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit gesteelde goed is en wat nie in staat is om voldoende rekenskap van sodanige besit te gee nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat by 'n veroordeling weens diefstal opgelê kan word."

Hierdie artikel is op die Wetboek geplaas in gevalle waar die klaer nie opgespoor kan word nie, en die omstandighede van die saak sodanig is dat die nie neerkom op diefstal nie. Sodanige omstandighede sou byvoorbeeld wees indien daar slegs 'n vermoede bestaan dat dit gesteelde goedere is, maar nie bewys kan word dat dit gesteelde goedere is nie. Waar die omstandighede sodanig is dat die klaer nie bekend is nie maar die feite van die saak op diefstal dui, word nog steeds aangekla van "Diefstal van 'n persoon aan die Staatsaanklaer onbekend."² In so 'n geval kan gewoonlik bewys word dat die saak gesteel is. 'n Voorbeeld hiervan is waar 'n polisieman sien dat 'n sakke-roller geld van 'n persoon steel en hy (polisieman) die dief vang maar die klaer kan nie opgespoor word nie.

Die doelstelling van hierdie artikel is al beskryf as die bekamping van diefstal ³ asook die bekamping van misdade
wat/.....

-
1. Waar hieronder na artikel 36 verwys word, word na artikel 36 van die Algemene Regswysigingswet, Wet No. 62 van 1955 verwys.
 2. S. vs. Siswana, 1968(4) S.A.251 (O K). Sien ook Gardiner, F.G. en C.W.H. Landsdown, South African Criminal law and procedure, 6de uitgawe, vol. 2 Kaapstad, 1957 p. 1679.
 3. S. vs. Nader, 1963(1) S.A. 843 (O) op p.848; Mokoena vs. S., 1962(2) P.H. H.144 (O K).

wat oneerlikheid insluit.⁴

Artikel 36 is identies met artikel 1 Wet no. 26 van 1923 soos gewysig deur artikel 2 Wet no. 57 van 1959, die huidige Veediefstalwet.⁵ Die enigste verskil is dat die Veediefstalwet van toepassing is op "Vee" of "produkte" terwyl artikel 36 van toepassing is op ander "goed" as "vee" of "produkte".

Dienooreenkomstig verg artikel 36 'n streng interpretasie want in poenalibus causis benignius interpretandum est.⁶

In R. vs. Ackerman⁷ is beslis dat 'n artikel wat 'n kriminele oortreding skeep, nie ligtelik uitgebrei behoort te word tot buite die woorde van die wet nie.

Die howe het dan ook al dikwels gewys op die gevare wat die gebruik van hierdie artikel inhou. In S. vs. Kane⁸ sê Regter Hiemstra die volgende oor hierdie artikel :

"The Courts ought not to allow this section to become a means whereby peaceful citizens can be tyrannised by demanding explanations from them at any time in regard to any article in their possession."

-
4. Wessels, S.W.V., Sections 36 and 37 of act no. 62 of 1955, in Die landdros, Febr. 1967, vol. 2, no. 2. p.25
 5. R. vs. Ismail, 1958(1) S.A. 206(A); R. vs. Armugan, 1956(4) S.A. 43(N); R. vs. Hunt, 1957(2) S.A. 465(N)
 6. Dig. 50.17.155. Sien ook Steyn, L.C., Die uitleg van wette, 3de uitg. deur S.I.E. van Tonder, Kaapstad, 1963, p.111.
 7. 1931 O.P.D. 64 op p.69.
 8. 1963(3) S.A. 404 (T) op p.405 en 1963(1) P.H.H.140 (T); Sien ook S. vs. Boshoff, 1962(3) S.A. 175 (N); R. vs. Mokoena, 1957(1) S.A. 398 (T).

HOOFSTUK 6.

DIE ELEMENTE VAN ARTIKEL 36.

1. Die beskuldigde moet in besit wees van die goedere toe die vermoede dat die gesteelde goedere is, ontstaan het.

Bogemelde is herhaalde kere aanvaar as die eerste element wat moet bestaan alvorens artikel 36 in werking tree.¹

Besit kan ook wees op 'n tydstip toe die goed gevind is, of toe die beskuldigde om 'n verduideliking gevra is en hy in besit was.²

Dit is nie voldoende dat die vermoede gevorm word nadat beskuldigde besit verloor het nie.³

Dit is verder beslis nie voldoende te wees dat die beskuldigde nie in besit gevind word nie, maar valslik eiendomsreg erken.⁴

Wat word onder besit verstaan?

Die aanvanklike houding was dat die beskuldigde "be caught red-handed with the stolen goods".⁵ Hiervolgens was fisiese beheer of besit dus 'n voorvereiste vir die inwerking-treding van artikel 36.

'n Minder streng houding is later in die gewysdes ingeneem deur te beslis dat besit voldoende is solank die persoon direkte beheer of kontrole oor die saak gehad het.

In/.....

-
1. S. vs. van Heerden, 1968(1) 65 (G W); S. vs. Khumalo, 1964(1) S.A. 498(N); R. vs. Nguni, 1937 T.P.D. 184; S. vs. Mogatla, 1966(1) P.H.H237 (G W); S. vs. Lamola, 1965(1) S.A. 482(T); R. vs. Mquanatsi, 1956(2) P.H.H 141 (O K); R. vs. Williams, 1959(1) P.H.H128 (G W); R. vs. Mashudute, 1959(2) P.H.H170 (G W)
Sien ook: Swift, J.L. en A.B. Harcourt, Law of criminal procedure, 2de uitg., Durban, 1969, p.892; Hunt op.cit., p.624.
 2. R. vs. May, 1924 O.P.D. 281; R. vs. Hassen, 1956(4) S.A. 41(N); R. vs. Ndou, 1959(1) S.A. 504 (T); R. vs. Ismail and another, supra.
 3. R. vs. Williams, supra.
 4. R. vs. Hassen, supra, sien bespreking infra.
 5. R. vs. May, supra, R. vs. Hassen, supra, R. vs. Ndou, supra, S. vs. Nader, supra, R. vs. Tsotitsie and another, 1953(1) S.A. 239(T).

In S. vs. Wilson⁶ het Regter Ogilvie Thompson hom obiter uitgelaat oor die begrip "besit" in gevalle van die Wet op verbode afhanklikheidsvormende medisyne (no. 13 van 1928), artikel 1 wet no. 26 van 1923, die destydse Wet op Veediefstal en artikel 36 wet no. 62 van 1955.

Regter Ogilvie Thompson sê onder meer die volgende ten opsigte van die begrip "besit":

"it cannot I thin, be said to have been universally accepted that..... it is imperative that the accused should have been actually present when the stolen stock or article is first found."

Ons howe⁷ het egter beslis dat hierdie uitspraak nie die vereiste, soos uiteengesit in Hassen se saak, naamlik daadwerklike fisiese besit vervang het nie.

Die Oos-Kaaplandse Afdeling van die Hooggeregshof was egter bereid om die begrip besit in Wilson se saak te aanvaar en na te volg in S. vs. Mangguku.⁸ Die beskuldigde was 'n spoorweg polisieman in Johannesburg. By die kraal van beskuldigde se vader in die Transkei is 'n koffer, bevattende klerasie en tandepasta, gevind. Toe die goedere gevind is, was beskuldigde met vakanse in Umtata - myle van sy vader se kraal. Beskuldigde se familie beweer dat die beskuldigde die koffer daarheen gebring het. Beskuldigde word aan artikel 36 skuldig bevind. Op appèl word geargumenteer dat die beskuldigde nie in besit gevind is van die goedere nie. Regter Munnik, wat die uitspraak lewer, sê dat die beheer of kontrole ten opsigte van die koffer nie oorgedra is aan iemand anders nie, en daarom word die appèl van die hand gewys.

Die absurditeite waartoe die houding in Hassen se saak kan lei, word duidelik geïllustreer in S. vs. Reddy⁹ waar Regter Milne die voorbeeld noem van 'n beskuldigde wat
die/.....

6. 1962(2) S.A. 619 (A) p. 623.

7. S. vs. Zulu, 1971(2) S.A. 208 (N), S. vs. Essack, 1963(1) S.A. 922(T).

8. 1971(2) S.A. 365 (O K). Sien ook S. vs. Hlongwane, 1966(1) F.H.H198 (O).

9. 1962(2) S.A. 343 (N).

die goedere in sy besit weggooi, toe hy 'n polisieman sien aankom. Moet hierdie persoon nou vry uitgaan omdat hy nie meer "red-handed" gevang is met die goedere nie?

Ook Hunt¹⁰ is van mening dat die beskuldigde in besit is van die goedere, sodra bewys kon word dat hy beheer of kontrole oor die saak het.

Dit word in oorweging gegee dat die houding, soos uiteengesit in Wilson se saak, die korrekte is. Solank daar 'n direkte beheer of kontrole oor 'n saak is, ongeag of die persoon aanwesig was toe die goedere gevind is, is dit voldoende.

Die vereistes vir besit :

Wat word alles onder die term "besit" in die strafreg en meer spesifiek by artikel 36 verstaan? Word daar soos in die privaatrek, die fisiese besit of detentio, sowel as die bedoeling of animus vereis?

Wat betref artikel 36 is daar in geen saak op hierdie vraag ingegaan nie behalwe in S. vs. Nader.¹¹ Dit blyk uit die beslissing dat Regter Hofmeyer slegs die blote detentio vereis en geen animus vereiste nie.

Regter Hofmeyer steun sterk op die uitspraak van Regter De Villiers in R. vs. Berg¹² wat meen dat besit in gevalle van die Veediefstalwet, nie dieselfde as in die privaatrek is nie.

Dit is dus nodig om vas te stel wat onder "besit" in die privaatrek verstaan word.

Maasdorp¹³ wys daarop dat besit in die Romeinse Reg en ook in die Romeins-Hollandse Reg beide possessio justa sowel as possessio injusta ingesluit het. Laasgenoemde sou dan wees/.....

10. Hunt, P.M.A., South African criminal law and procedure, Kaapstad, 1970, vol. 2, p.624.

11. supra.

12. 1927 O.P.D. 177.

13. Maasdorp, A.F.S., Maasdorp's institutes of South African law, 8ste uitg., Kaapstad, 1960, vol. 2, p.12 et.seq.

wees indien 'n persoon die saak as 'n dief besit. In albei bogenoemde gevalle was die fisiese besit of detentio, gepaard met die bedoeling of animus as 'n vereiste gestel.

Dit kan dus aanvaar word dat in die Romeinse en Romeins-Hollandse Reg daar geen verskil was tussen besit in die straf- en privaatreë nie.

In die strafreg, meer spesifiek in gevalle van oortredings van die Wet op Edelgesteentes is die houding konsekwent ingeneem dat beide bogemelde vereistes teenwoordig moet wees.¹⁴

In S. vs. Serfontein¹⁵ sê Regter Banks die volgende :

" 'possession' requires two elements - physical control and the mental element or animus. The latter may vary from an intention to hold on behalf of another, as by a servant or agent, on the one hand, and the animus sibi possidendi (my onderstreping), an intention to hold for one's own benefit, on the other hand."

Dit word aan die hand gedoen dat die beskuldigde ten eerste detentio moet hê. Dit kan bestaan uit die fisiese besit of die blote beheer of kontrole oor die saak. Ten tweede sal die beskuldigde die animus moet hê. Indien hierdie tweede vereiste wegval, sal dit die volgende absurditeite tot gevolg hê:¹⁶ 'n Beskuldigde wat in 'n trein saam met ander bantoes reis, se koffer kan nie sluit nie. In die oop koffer word diamante gevind. Die beskuldigde moet nou aanspreeklik gehou word omdat hy detentio het oor die koffer, selfs al word sy verweer aanvaar dat hy nie bewus was van die diamante nie, dit wil sê, hy het geen animus gehad nie.

Geregtigheid en regverdigheid vereis sekerlik dat 'n persoon nie gestraf moet word nie. Waarom moet die toets in die strafreg, dan slegs detentio bevat en in die privaatreë beide detentio en animus terwyl die bewyslas in die strafreg soveel swaarder is as in die privaatreë?

Dit/.....

14. R. vs. Broodryk, 1932 A.D. 131; R. vs. Matsoso, 1950 (4) S.A. 178 (O).

15. 1962(2) P.H. K 64 (K).

16. R. vs. Matsosa, supra.

Dit word dus betoog dat soos in die geval van opset by alle misdade, die staat nie spesifiek hoef te bewys dat daar 'n animus teenwoordig is nie. Dit kan uit die feite van die saak afgelei word. Dit staan die beskuldigde egter nog vry om die teendeel te bewys, naamlik dat hy onbewus van sodanige besit was en dus nooit die animus gehad het nie.

Animus Furandi.

Moet 'n beskuldigde die dieftige opset hê om strafregtelik aanspreeklik te wees? Is skuld, met ander woorde, 'n vereiste vir die pleging van die misdaad.

In S. vs. Nader¹⁷ is hierdie vraag ontkennend beantwoord. Wederregtelikheidsbewussyn, is volgens Regter Hofmeyer, in die gevalle van drank en dagga 'n verweer. Volgens hom sou die hele oogmerk van artikel 36 verval indien dit ook by hierdie artikel 'n verweer sou wees. Wederregtelikheidsbewussyn is egter in bykans alle misdade 'n verweer. Juis daarom moet die staat kan aantoon dat daar 'n dieftige opset aan die kant van die beskuldigde was.

In gevalle van diefstal en ook waar artikel 36 'n verskyningsvorm van diefstal is, behoort daar die dieftige opset aan die kant van die beskuldigde aanwesig te wees. Hierdie opset hoef nie spesifiek bewys te word deur die Staat nie, maar moet uit die feite afgelei kan word. Dit staan die beskuldigde dan vry om die afwesigheid van skuld aan sy kant te bewys.

Hier moet dus tereg met Klopper¹⁸ saamgesten word waar hy verklaar :

"Skuld (mens rea) in die vorm van opset (in enige van sy drie vorms) is n.i. hier 'n vereiste. Dit beteken dat die beskuldigde allereers 'n animus detentionis moet hê, dit wil sê 'n bedoeling om die betrokke goed te besit of te beheer. In die tweede plek moet die beskuldigde bewustelik/.....

17. supra.

18. Klopper, C.F., Artikel 36 van wet no. 62 van 1955, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Febr. 1969, vol. 32, no. 1, p. 57.

bewustelik die opset koester om die eienaar van die goed te onteien of die goed vir homself toe te eien n.a.w. 'n aninus furandi of 'n dieftige opset is 'n vereiste."

Besit deur 'n agent:

Kan 'n beskuldigde aan artikel 36 skuldig bevind word indien hy besit deur 'n agent?

Volgens die gewysdes¹⁹ is besit deur 'n agent nie voldoende nie. In Hassen se saak beslis Regter Broome dat waar die beskuldigde in 'n gevangenis aangehou word terwyl goedere by 'n ander persoon in die huis gevind word, hy nie aan artikel 36 skuldig bevind kan word nie. Volgens die Regter is dit nie voldoende dat die beskuldigde valslik eiendomsreg beweer nie. Dit is volgens hom die eienaar van die huis wat in besit is en nie die beskuldigde nie.

Waarom kan albei nie hier aangekla word nie. Die beskuldigde beweert dat dit sy goedere is. Die vrou beweert sy hou dit namens die beskuldigde. Uit wat hierbo reeds gesê is, is dit duidelik dat indien 'n persoon beheer of kontrole het, hy aangekla kan word. Die vrou word in besit gevind van die goedere en lewer dus geen probleme op nie. Daar moet steeds onthou word dat albei van hulle 'n skuldigbevinding kan vryspring indien hulle voldoende rekenskap van hul besit kan gee.

Obiter het Regter-President De Villiers verklaar in R. vs. Bergh.²⁰

"possession under the section may include physical possession in the extended sense in which one may be said to possess a thing which is on one's farm or in one's house or in the custody of one's servant or agent."

Dat 'n persoon wat deur 'n agent besit, ook aangekla behoort te word/.....

19. R. vs. Hassen, supra; R. vs. Nongogo, 1958(1) P.H.H10 (O K); R. vs. Ndou, supra; R. vs. Tsotitsie, supra; R. vs. Coetzer, 1928 E.D.L. 159; R. vs. Sinetile, 1932, E.D.L. 213; Sien ook Hunt ibid, p. 632.

20. supra. p. 179.

te word, kan net die volgende voorbeeld geïllustreer word:

Gestel 'n ene Mnr X is 'n diamantsmokkelaar en wil dianante na Lesotho smokkel. Die polisie is egter bewus van Mnr. X se optrede en ten einde die dianante oor die grens te kry, gee Mnr. X hierdie diamante vir sy sesjarige seun wat saam met ander persone vir 'n naweek na Maseru gaan. Die volwassenes wie die seuntjie vergesel, is heeltenal onbewus van die dianante. Die polisie keer hulle voor en die dianante word in besit van die seuntjie gevind. Die seun sê dat hierdie diamante aan Mnr. X behoort. Volgens Hassen se saak moet die seun nou aangekla word. Hy kan egter nie aangekla word nie, omdat hy doli in capax is. Indien Regter Broome se redenasie korrek is, moet nou beide die vader en seun vry uitgaan omdat die vader ook nie deur 'n agent mag besit nie.

Dit behoort nouliks betoog te word dat geen geregtigheid sal geskied indien die vader nie aangekla mag word nie. Die vraag is weereens of die prinsipaal beheer of kontrole het oor hierdie agent van hom. Is die antwoord bevestigend, is daar geen rede hoekom hy nie aangekla kan word vir sy besit deur sy agent nie.

Hunt²¹ sê ondermeer die volgende van besit deur 'n agent:

"it cannot be regarded as finally settled that the first proposition, viz. that possession through an agent does not suffice, is correct. Plainly at common law a man may possess through an agent, and if the agent is found in possession, so is his principal".

Nie slegs was dit die posisie volgens die gemenerereg nie, maar ook die ander statutêre misdade bekend aan ons reg, erken dat die prinsipaal gebonde is indien sy agent in besit gevind word.²²

Dit word dus aan die hand gedoen dat besit deur 'n agent voldoende is in die geval van artikel 36.

21. ibid p.624

22. Sien art. 84(1)(a) Wet no. 73 van 1964, Die wet op Edelgesteentes, art. 2 wet no. 41 van 1971, Die Wet op Verbode afhanklikheidsvormende medisyne, Sien ook S. vs. Mlanbo and another, 1971(4) S.A. 172(N); S. vs. Ntathanbona, 1972(1) S.A. 542(N); S. vs. Serfontein, supra.

E L E M E N T 2

DIE REDELIKE SUSPISIE OF VERDENKING DAT DIE GOEDERE
GESTEELDE GOEDERE IS.

Ontstaan van die verdenking :

Soos reeds in die vorige hoofstuk uiteengesit moet die besit van die goedere en die verdenking wat ontstaan, gelyktydig wees.¹

Die vraag wat nou ontstaan, is of hierdie vermoede volledig moet wees terwyl beskuldigde besit oor die goedere het. In S. vs. Lamola² het Regter Claydon hom as volg uitgespreek :

"After the appellant had been arrested and the constable had taken possession of the cigarette, in my view, the time for estimating whether suspicion was reasonable had passed. And subsequent enquiries which might have given further ground for suspicion can be ignored".

In S. vs. Kane,³ spreek Regter Hiemstra hom as volg oor hierdie aangeleentheid uit :

"It is quite clear that the suspicion need not exist completely or even have all the qualities to make it reasonable, only at the moment when the goods are found. It is quite sufficient if this suspicion grows into reasonableness after investigation or after further events or further information being obtained."

Dit word in oorweging gegee dat Regter Hiemstra se houding die korrekte is. Dit moet onbillik werk teenoor die Staat om hom te bind aan die verdenking van die polisieman toe die beskuldigde in besit gevind is. Dit sal nie alleen ongeregtigheid laat geskied nie, maar sal ook alle inisiatief aan die kant van 'n polisieman om die waarheid van die beskuldigde se verklaring te toets, onderdruk.

Hierdie verdenking kan ook gevorm word deur 'n ander persoon wat die beskuldigde gearresteer het. In Reddy⁴ se saak is hierdie verdenking gevorm deur 'n polisieman wat by
die/.....

-
1. supra
 2. supra op p. 483
 3. supra p. 406
 4. supra

die aanklagkantoor aan diens was en glad nie eens by was toe die beskuldigde gearresteer was nie.

In S. vs. Naidoo⁵ is daar deur A.R. Rumpff beslis dat 'n verdenking wat bestaan het voordat die beskuldigde in besit gevind is, voldoende is, solank as hierdie verdenking ook bestaan het toe die beskuldigde in besit gevind is.

In May⁶ se saak sowel as in Ismail⁷ se saak, is dit aanvaar dat hierdie verdenking nie moes ontstaan het toe beskuldigde alreeds besit verloor het nie.

Daar is egter ook sake wat daarop gesinspeel het dat die verdenking eers ten tye van die verhoor by die hof kon ontstaan.⁸

Dit blyk egter dat hierdie houding deur die beslissing van Ismail⁹ verwerp is en dat hierdie verdenking gevorm moet word terwyl die beskuldigde nog in besit is.

Hoe word hierdie verdenking gevorm.

Allereers is dit duidelik dat sowel die persoon van die beskuldigde as die aard van die goedere hierdie verdenking kan veroorsaak.

In R. vs. Charlston¹⁰ is die volgende gesê aangaande gesteelde goedere wat in beskuldigde se besit gevind is :

"There was nothing except the quantity of the goods to suggest that they might be stolen goods. The financial position of the accused was not investigated; his way of life was not investigated; his house was not kept under observation."

In S. vs. Zulu¹¹ is beslis dat indien die salaris van beskuldigde in aanmerking geneem word, daar 'n redelike verdenking was dat die handelware gesteelde goedere is.

In/.....

-
5. 1970(1) S.A. 358(A) Sien ook Hunt, op.cit. p. 625
 6. supra
 7. supra
 8. R. vs. Khumalo, supra, R. vs. Mkize, 1961(4) S.A. 77 (N); R. vs. Mtinkulu en andere, 1959(4) S.A. 597(0)
 9. supra
 10. 1955(3) S.A. 168(T) op p. 169
 11. supra

In Choane vs. S.¹² is gesê dat getuienis gelei behoort te word om die hof 'n insae te gee oor die inkomste en die stand of status van die betrokke persoon wat vermoed word gesteelde goedere in sy besit te hê.

In S. vs. Rubenstein¹³ sê A.R. Ogilvie Thompson die volgende :

"The nature, quantity and newness of articles found in possession of an accused will of course, always be material factors in relation to the reasonableness or otherwise of a suspicion that the articles in question have been stolen."

Klopper¹⁴ sê dat die volgende ook in aanmerking geneem moet word ten einde die redelikheid van die verdenking daar te stel: die plek en tyd waar die beskuldigde betrap is, die volledige waarde en toestand van die goedere, die finansiële vermoë van die beskuldigde, sy gedrag toe hy betrap is en of hy meer as een verduideliking van sy besit aan die polisieman gegee het en of hierdie verduideliking getoets is.

Dit moet egter onthou word dat daar geen redelike verdenking kan wees, bloot omdat die beskuldigde 'n naturel is nie.¹⁵ Indien dit egter aanvanklik die enigste verdenking was dat die beskuldigde meer goedere in sy besit het as wat 'n gemiddelde bantoe in sy besit sou hê, en by nadere ondersoek, hierdie verdenking versterk word, is dit natuurlik heeltemal toelaatbaar. Daar sal egter meer feite as slegs die blote feit dat beskuldigde 'n naturel is voor die hof gelê moet word.

Gee die beskuldigde twee of meer uiteenlopende verduidelikings, is dit op sigself nie voldoende nie, maar tas dit die beskuldigde se geloofwaardigheid aan¹⁶. Die beskuldigde is nog steeds geregtig om sy verduideliking aan die hof te kom gee.

Wat is 'n redelike verdenking en hoe word dit getoets?

In/....

12. 1970(2) P.H.H(S) 43 (T) op p. 101.

13. 1964(3) S.A. 480 (A) op p. 485.

14. op.cit. p. 61.

15. R. vs. Ndou, supra, Sien ook S. vs. Boshoff, supra.

16. R. vs. Peterson 1956(1) S.A. 544 (G W).

In S. vs. Nader,¹⁷ is beslis dat die gronde vir die verdenking ten minste voor die hof moet wees ten einde die redelikheid daarvan te bepaal.

In Kika vs. R.¹⁸ het die speurder geen vermoede gehad dat die betrokke kamera gesteelde goedere was nie, maar het bloot as gevolg van 'n rapport gehandel. Die landdros bevind dat die rapport 'n redelike vermoede is sonder om die rapport te openbaar. Op appèl is beslis dat daar geen redelike verdenking is nie.

Die gronde van die verdenking moet dus voor die hof geplaas word:¹⁹

"The proper way to prove that the person concerned has a suspicion, is for that person to say so in the witness box.... it is impossible to decide whether a suspicion is reasonable or not unless the grounds upon which the suspicion is based, are proved."

Sodra die gronde nou voor die hof is, ontstaan diè vraag of dit 'n subjektiewe of 'n objektiewe toets is ten einde die redelikheid van die verdenking te bepaal.

In R. vs. Khumalo²⁰ is beslis dat daar 'n subjektiewe verdenking by die polisieman moet wees, maar om te beslis of hierdie verdenking redelik is, moet objektief beoordeel word.

Dit blyk uit die gewysdes dat 'n objektiewe toets gebruik word om te beslis of die verdenking redelik is al dan nie.²¹

In R. vs. Hunt,²² is weer eens die houding ingeneem dat die subjektiewe verdenking objektief beoordeel word ten einde die redelikheid daarvan te bepaal. Met hierdie toets moet saamgesten word.

17. supra.

18. 1958(2) P.H.H.202 (K). Sien ook S. vs. Khumalo, supra.

19. R. vs. Ngubane, 1933 N.P.D. 748 op p. 752.

20. supra.

21. S. vs. Essack, supra, Mokoena vs. S. supra, S. vs. Mohaple, 1969(4) S.A. 446 (K), S. vs. Nader, supra en S. vs. Reddy, supra.

22. supra.

E L E M E N T 3.

DAT DIE BESKULDIGDE NIE IN STAAT IS OM VOLDOENDE'
REKENSAP VAN SY BESIT TE GEE NIE.

Wat word onder voldoende rekenskap verstaan :

Hunt¹ onskryf dit as volg :

"A satisfactory account is one which may in all the circumstances reasonably be true and which shows that X bona fide believed, his possession to be an innocent one having regard to the objects of the Act."

Dit word aan die hand gedoen dat nie slegs 'n redelike verduideliking vereis word van die beskuldigde nie, maar ook 'n bevredigende verduideliking wat 'n swaarder verpligting op die beskuldigde lê as slegs 'n redelike verduideliking.²

Harcourt³ verstaan die volgende onder hierdie element:

"The State must prove beyond reasonable doubt that the account is not reasonably true or unsatisfactory. If the accused gives an explanation which may reasonably be true and which, if true would be a satisfactory account of his possession, he must be acquitted."

Hierdie dictum is ook nagevolg in S. vs. Kajee.⁴

Mokoena vs. S.,⁵ vereis ook nie slegs 'n verduideliking wat redelik moontlik waar kan wees nie, maar indien dit waar sou wees, dit ook 'n bevredigende verduideliking sou wees.

Wat die beskuldigde geglo het, moet objektief beoordeel word⁶ om te toets of dit voldoende rekenskap is of nie. 'n Objektiewe toets sou meebring dat dit deur die hof vasgestel moet word of dit 'n bevredigende verduideliking is al dan nie.⁷

Hunt/....

-
1. op.cit. p. 628
 2. R. vs. Masobore, 1959(1) P.H.H.68 (G W).
 3. op.cit. p. 892
 4. 1965(4) S.A. 274 (T).
 5. supra.
 6. S. vs. Nader, supra; R. vs. Hunt, supra.
 7. R. vs. Mathule, 1959(2) P.H.H.235 (G W).

Hunt⁸ stel voor dat dit subjektief beoordeel moet word of voldoende rekenskap of 'n bevredigende verduideliking deur die beskuldigde gegee is of nie. 'n Subjektiewe toets sal dit bykans onmoontlik maak om te kan beslis of die beskuldigde geweet het dat dit gesteelde goed is al dan nie. Die ratio van artikel 36 is duidelik die bekamping van diefstal,⁹ en die enigste toets behoort dan te wees wat die redelike man sal beskou 'n bevredigende verduideliking te wees. Subjektief beskou kan die beskuldigde se verduideliking hoe onredelik wees, solank as wat hy dit self as redelik beskou, spring hy enige aanspreeklikheid vry. Dit is klaarblyklik verkeerd.

Hoe kan die beskuldigde voldoende rekenskap gee en wanneer moet hy hierdie rekenskap gee?

Alvorens die beskuldigde 'n verduideliking moet gee van sy besit, is dit 'n vereiste dat hy in besit gevind word, dat daar 'n verdenking moet bestaan en dan eers is daar 'n verpligting op hom om 'n verduideliking te gee.¹⁰

Beskuldigde is geregtig om sy verduideliking aan die hof te kom gee en nie aan die persoon wat hom gearresteer het nie.¹¹

In S. vs. Malefane,¹² is beslis dat die beskuldigde kan volstaan met sy verduideliking aan die polisie ten tye van sy arrestasie en dat hy geen verduideliking aan die hof hoef te kom gee nie.

Iemand anders kan ook namens die beskuldigde rekenskap gee van die beskuldigde se besit en indien sodanige rekenskap voldoende is, is beskuldigde geregtig op sy ontslag.¹³

Wat gebeur nou indien die beskuldigde valse of teenstrydige verduidelikings aan die polisieman gee en aan die hof 'n ander verduideliking? In/.....

8. op.cit. p. 628.

9. S. vs. Nader, supra.

10. R. vs. Charlston, supra.

11. S. vs. Tsima, 1970(1) P.H.H. (S) 40(Botswana); R. vs. Mokoena, 1957 (1)S.A. 398 (T); R. vs. Malakeng, 1956 (4) S.A. 662 (T); R. vs. Amugan, supra.

12. 1969(3) S.A. 442 (O).

13. R. vs. Balitane, 1956(3) S.A. 634 (O K).

In R. vs. Motau,¹⁴ is die volgende gesê:

" The accused may give one account to the person who finds him in possession and another account to the magistrate at his trial; if the latter is satisfactory the accused is entitled to be acquitted, but the former can be taken into consideration in determining whether the person who found him in possession had a reasonable suspicion that the stock was stolen."

Dit is egter nie heeltemal korrek nie. Die valse verklaring hoef nie net slegs in aanmerking geneem te word om te beslis of die polisieman 'n redelike verdenking gehad het nie, maar is ook 'n belangrike faktor ten opsigte van die geloofwaardigheid van die beskuldigde. Dat 'n valse verduideliking relevante faktore is, is in Hunt¹⁵ en Armugen¹⁶ se sake aanvoer. Indien sy verduideliking aan die polisieman wesentlik verskil van sy verklaring aan die hof, kan sy verduideliking ook nie 'n voldoende een wees nie.

Hierdie is dan ook 'n klassieke voorbeeld waar die voorsittende beampte die bepalinge van artikel 210 wet no. 56 van 1955 moet toepas, naamlik die roep van 'n getuie deur die hof.

Die voorsittende beampte sal geregtig wees om dit te doen omdat sodanige getuienis noodsaaklik sal wees vir die regverdige beregting van die saak. Indien die beskuldigde se relaas egter op 'n alibi sou neerkom, sal die Staat geregtig wees om vir 'n heropening van die staatsaak te vra.

Is daar 'n bewyslas op die beskuldigde om "voldoende reken- skap" te gee?

Rus daar dus 'n bewyslas op die Staat of op die beskuldigde om te bewys dat sy rekenenskap nie bevredigend is nie?

In die Veediefstalsake¹⁷ is beslis dat die bewyslas om
die/.....

14. 1947(1) S.A. 667 (T) op p. 670.

15. supra.

16. supra.

17. R. vs. Tole, 1924 E.D.L. 165; R. vs. Feigin, 1934 O.P.D. 5; R. vs. Khumalo, supra.

die eerste twee elemente te bewys, op die Staat rus en die bewyslas om die derde element te bewys, op die beskuldigde rus.

Harcourt¹⁸ meen dat

"because section 36 imposes an onus on the accused it should be specifically charged as an alternative to theft where there is more than a possibility that the State may rely upon it".

In R. vs. Prinsloo,¹⁹ is ook gesê dat daar 'n onus op die beskuldigde rus en daarom moet artikel 36 in die alternatief tot 'n diefstalklagte gestel word.

Dit word aan die hand gedoen dat in bogemelde sake obiter van 'n onus gepraat word en wat in elke geval wel bedoel word, is dat daar 'n weerleggingslas op die beskuldigde rus om voldoende rekenskap te gee.

Die jongste beslissings is dit dan almal ook eens dat die onus op die Staat rus om te bewys dat die beskuldigde nie voldoende rekenskap van sy besit kan gee nie.²⁰

Hunt²¹ sowel as Schmidt²² is van mening dat die onus op die Staat rus om te bewys dat die beskuldigde nie voldoende rekenskap van sy besit kan gee nie.

Dit word in oorweging gegee dat dit die korrekte uitgangspunt is. Wat op die beskuldigde rus is 'n weerleggingslas of te wel 'n "burden of adducing evidence".²³

18. op.cit. p. 893

19. 1958(7) S.A. 77 (T). Sien ook R. vs. Mtinkulu, supra.

20. S. vs. Essack, supra; S. vs. Kajee, supra; R. vs. Armugen, supra; Mokoena vs. S., supra; S. vs. Khumalo, supra, R. vs. Mkize, supra en R. vs. Zulu, supra,

21. op.cit. p.629.

22. Schmidt, C.W.H., Die bewysreg, Durban, 1972, p.54.

23. R. vs. Zulu, supra.

HOOFSTUK 7.

Die Klagstaat en prosedurele aspekte.

In R. vs. May¹, is die volgende elemente neergelê deur Regter De Villiers :

"that (1) an accused person must be actually found in possession of stock or produce, (2) a suspicion founded on reasonable grounds then appearing must exist in the mind of the finder (or possibly some other classes of persons) that that stock or produce has been stolen, and (3) the reasonable suspicion must come into existence in the mind of the person either at the time of the finding in possession, whether it be the first 'finding in possession' or a second or subsequent finding, or at any time during the accused's possession, but not after the accused has ceased to be in possession."

Hierdie dictum is ook met goedkeuring deur die Appêlhof aangehaal ten opsigte van artikel 36 in R. vs. Ismail and another.²

Sommige³ neen dat daar nie drie elemente is soos neergelê in die beslissings nie, maar wel vier, te wete : (1) Die beskuldigde moet in besit gevind word van goedere, (2) 'n Vermoede by iemand ten tye van die besit van die beskuldigde dat die goedere gesteel is, (3) die redelikheid van die vermoede en (4) die onvernoë van die beskuldigde om 'n bevredigende verduideliking te gee.

Ander weer⁴ meen dat daar vyf elemente is wat die Staat moet bewys, te wete : (a) Dat die goedere is, (b) die beskuldigde moet in besit gevind word, (c) daar moet 'n vermoede wees, (d) Die vermoede moet op redelike gronde gebasseer wees en (e) die onvernoë van die beskuldigde om 'n/.....

1. supra, Sien ook Ismail and another vs. R., 1958(1) P.H.H15(A); S. vs. Khumalo, supra; R. vs. Hunt, supra; R. vs. Lebenya, 1957(2) S.A. 160 (0); S. vs. van Heerden, supra.

2. supra; Sien ook Swift, op.cit., p.892 et seq.

3. Wessels, op.cit., p. 25.

4. Hunt, op.cit., p.623.

om 'n bevredigende verduideliking te gee.⁵

Selfs by 'n pleit van skuldig moet die drie elemente soos uiteengesit in die beslissings, nog steeds bewys word om die pleeg van die misdaad aliunde te bewys.⁶

Dit is ook noodsaaklik dat bogenelde elemente in chronologiese volgorde in die klagstaat uiteengesit word.

Wat moet in die klagstaat beweer word.

Moet in die klagstaat beweer word dat hy nie in staat was of is om voldoende rekenskap te gee nie?

Die neeste gewysdes⁷ het beslis dat dit nie saakmaak of die klagstaat beweer dat hy onbevoeg was of is om 'n verduideliking te gee nie. Regter Broome stel dit as volg in R. vs. Hunt.⁸

"Where 'is unable' is used the allegation will clearly be of an existing inability. Where 'was unable' is used the position is really the same because the prosecutor in framing the charge has in mind the situation when he frames it, so his reference to the past will include the whole period right up to that instant of time."

Daar is egter ook beslissings⁹ wat beweer dat die klagstaat defek is indien dit beweer dat hy onbevoeg was om 'n verduideliking te gee in plaas van onbevoeg is.

Dit word in oorweging gegee dat die standpunt wat ingeneem word in Malakeng se saak dogmaties die suiwerste is veral waar die beskuldigde nie regsverteenvoerdig is nie. Prakties kan daar egter geen fout gevind word met diè houding in Herringer se saak nie.

Daar is ook al beslis dat die klagstaat slegs in een taal opgestel moet word.¹⁰

In/.....

-
5. Dit word in oorweging gegee dat dit dogmaties meer korrek is dat die wetgewer slegs beoog het dat die artikel uit drie elemente moet bestaan, en daarom sal die hoofstuk wat hierop volg, slegs onder drie elemente behandel word. 'n Vermoede en die redelikheid van die vermoede word onder een element behandel terwyl goedere, soos beoog deur die wet, heeltemal 'n hoofstuk op sy eie vorm.
 6. R. vs. Mathule, supra.
 7. R. vs. Herringer, 1957(2) P.H.H208(K); R. vs. Ismail, surpa.
 8. supra. p.469
 9. R. vs. Malakeng, supra; R. vs. Arnugen, surpa.
 10. S. vs. Rosana, 1967(2) S.A.606 (OK) R. vs. Masobore, supra.

In Rosana se saak is die volgende gesê:¹¹

"Dit sal na my mening, vir die aanklaer gerade wees om eers homself te vergewis van die betekenis van woorde wat hy voornemens is om te gebruik voordat hy 'n klagstaat opstel en dan omslagtigheid van uitdrukking so ver (sic) moontlik te vermy."

Hierdie dictum moet saangelees word met artikel 315(2)(a) van die Strafproseswet, no. 56 van 1955 wat as volg lees :

"Die beskrywing van wetteregtelike misdryf in die bewoording van die wetsbepaling wat die misdryf skep, of in ooreenstemmende bewoording, is voldoende."

Die volgende is 'n konsepklagstaat vir 'n oortreding onder hierdie artikel.¹²

"Dat die beskuldigde skuldig is aan die misdryf van oortreding van artikel 36 van Wet no. 62 van 1955.

Nademaal die beskuldigde op die dag van 19... en te in die distrik in besit gevind was van synde goed ander as "vee" of "produkte" soos onskrywe in artikel 13 van Wet 26 van 1923 ten opsigte waarvan daar redelike verdenking bestaan het dat dit gesteelde goed is, en omdat die beskuldigde, wederregtelik nie in staat is om voldoende rekenskap van sodanige besit te gee nie, is hy skuldig aan oortreding van artikel 36 van wet no. 62 van 1955."

Indien beskuldigde van diefstal aangekla word, is 'n skuldigbevinding geregverdig aan artikel 36 ingevolge artikel 200 van die Strafproseswet¹³.

Indien die Staat dus enigsins op artikel 36 gaan staatmaak, behoort artikel 36 as 'n alternatiewe aanklag gestel te word.¹⁴

Dit behoort slegs nodig te wees indien die beskuldigde onverdedig is/....

11. supra p. 608.

12. Ferreira, op.cit. p.279.

13. Wet no. 56 van 1955, soos gewysig deur art. 55 van die Algemene Regswysigingswet No. 68 van 1957.

14. R. vs. Mankulu en andere, supra; R. vs. Prinsloo, supra; R. vs. Muller en Kriel, 1959(1) P.H.H. 99 (O K); S. vs. Vaaltyn, 1966(3) S.A. 728 (O K).

verdedig is en kan op die volgende maniere geskied:¹⁵

(i) Die aanklaer kan die beskuldigde formeel van artikel 36 in die alternatief aankla.

(ii) Indien die alternatiewe klagte nie ingevoeg word nie, behoort die aanklaer die beskuldigde behoorlik mondeling in te lig aangaande artikel 36 en artikel 200 van die Strafproseswet. Dit kan gedoen word (a) onmiddellik nadat die klagte van diefstal aan die beskuldigde gestel is en (b) in die loop van die verhoor en dit duidelik is dat die Staat op artikel 36 gaan steun. Die aanklaer moet die landdros dan versoek om dit te notuleer dat die beskuldigde ingelig is aangaande bogenelde artikels.¹⁶

(iii) Die Landdros self kan, indien hy van mening is dat slegs 'n saak ten opsigte van artikel 36 uitgemaak is, die implikasies van artikels 36 en 200 van wet no. 56 van 1955 aan die beskuldigde verduidelik.

Klopper¹⁷ sê dit is wenslik om die beskuldigde net aangaande die implikasies van Artikel 200 van die Strafproseswet in te lig. Dit word in oorweging gegee dat dit nie voldoende is nie. Die beskuldigde dra nie kennis wat van hom onder artikel 36 verwag word nie en behoort daaromtrent ook ingelig te word.

Waar beskuldigde verteenwoordig is, is dit nie nodig om die alternatiewe klagte of 'n waarskuwing aan beskuldigde te rig nie.

Op watter klagtes is 'n skuldigbevinding op grond van artikel 36 geregtig?

In S. vs. Biyela¹⁸ is beskuldigde op 'n klagte van roof skuldig bevind aan oortreding van artikel 1(1) wet no. 50 van 1956 (Gebruik van goedere sonder die toestemming van die regnatige eienaar). Op appèl is artikel 200 van wet no. 56 van 1955 beperkend uitgelê en die appèl het geslaag.

Kragtens/.....

15. Klopper, C.F., op.cit., p.53 et.seq. Hunt, op.cit p.622.

16. S. vs. Ndlovu, 1963(1) P.H.H.77 (N).

17. op.cit. p.54.

18. 1963(3) S.A. 436 (N).

Kragtens artikel 193 van die Strafproseswet no. 55 van 1956 is artikel 36 'n bevoegde uitspraak op 'n klagte van roof. In Biyela se saak sou die landdros dus heeltemal geregverdig gewees het om die beskuldigde aan artikel 36 skuldig te bevind, mits die getuienis die elemente van die misdad gedek het.

Hierbo is reeds aangetoon dat beskuldigde op 'n klagte van diefstal aan artikel 36 skuldig bevind kon word.

Kan 'n beskuldigde aan artikel 36 skuldig bevind word indien hy aangekla word van huisbraak met die opset om te steel en diefstal? Ferreira¹⁹ laat hom as volg hieroor uit :

"'n Beskuldigde wat van huisbraak met die doel om te steel en diefstal aangekla is, kan van al die misdrywe genoem, in artikel 200 as bevoegde uitsprake op 'n aanklag van diefstal skuldig bevind word."

In R. vs. Impey and Another,²⁰ het dit daarom gegaan of 'n beskuldigde op 'n klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal aan artikel 37 wet no. 62 van 1955, (ontvangs van vermoedelik gesteelde goedere) skuldig bevind kan word.

Die volgende word deur Regter Wynne gesê oor hierdie aanleentheid:²¹

"Housebreaking with intent to steal is a substantive offence, but when it forms one continuous transaction with the theft following upon it, the real offence committed is that of theft, and the housebreaking is to be regarded not as substantive offence, but merely as a matter of aggravation..... On this basis a person charged with housebreaking with intent to steal and theft, appears to be 'a person charged with theft' within the ambit of S. 200, where it would appear that he may competently be convicted of contravening S. 37(1) of Act 62 of 1955, if such be the facts proved."

Dit/.....

19. op.cit. p. 475

20. 1960(4) S.A. 556 (O K).

21. supra p.566

Dit word dus in oorweging gegee dat artikel 36 wat 'n bevoegde uitspraak op diefstal is, ook van toepassing is op 'n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal.

Klopper²² betoog dat, ingevolge artikel 198 van die Strafproseswet no. 56 van 1955, artikel 36 nie 'n bevoegde uitspraak op huisbraak met die opset om te steel en diefstal is nie en ook omdat artikel 36 streng geïnterpreteer moet word.

Volgens Hienstra²³ is huisbraak op sigself geen misdaad nie. Daar moet 'n bepaalde opset by wees. Daar word klaarblyklik geargumenteer dat artikel 36 dan geen opset kan vorm op 'n klagte van huisbraak nie.

Die ratio van die dispuut is egter dat 'n beskuldigde wat vir huisbraak met die opset om te steel en diefstal aangekla word, slegs aan diefstal skuldig bevind kan word omdat diefstal 'n substantiewe misdaad is. Daar is dus geen rede waarom 'n persoon wat vir huisbraak met die doel om te steel en diefstal aangekla is, aan artikel 36 skuldig bevind kan word nie.

'n Skuldigbevinding aan artikel 36 kom nie meer op diefstal vir die doeleindes van artikels 334, 335 en Deel I van die Derde Bylae tot die Strafproseswet No. 56 van 1955 nie.²⁴

Kon 'n verduideliking deur die beskuldigde dat hy die goedere gesteel het op 'n betekenis neer en moet dit aldus aan die vereiste van artikel 244 van die Strafproseswet no. 56 van 1955 voldoen?

As eerste argument kan geopper word dat 'n skuldigbevinding aan artikel 36 geregverdig is op 'n klagte van diefstal en dus behoort 'n betekenis ten opsigte van diefstal, ook ontoelaatbaar/....

22. ibid. p.67

23. Hienstra, V.G., Suid-Afrikaanse strafproses, Durban, 1967, p.236.

24. S. vs. Tsiu, 1964(3) S.A. 738(O); R. vs. Sebola, 1960(2) S.A. 289(T); Buthelezi vs. S., 1967(2) P.H.H.243 (N).

ontoelaatbaar te wees ten aansien van artikel 36.²⁵

Hierteenoor is daar die houding van Hiemstra²⁶ waar hy dit as volg stel :

"n Betekenis is 'n ondubbelsinnige erkenning van skuld, wat op 'n pleit van skuldig sou neergekom het as dit in die hof afgelê was."

Dit is duidelik volgens Mathule²⁷ se saak dat selfs by 'n pleit van skuldig, al die elemente van die misdaad bewys moet word. Dit is ook al beslis dat die beskuldigde daarop geregtig is om eers sy verduideliking aan die hof te gee en hy hoef niks te sê indien hy in besit gevind is nie.²⁸

Dit is dus duidelik dat 'n erkenning ingevolge artikel 36 nie al die elemente van die misdaad insluit nie. Indien dit nie al die elemente insluit nie, is dit nie 'n bekentenis nie en daarom as getuienis toelaatbaar. Die misdaad moet met ander woorde eers voltooid wees alvorens dit op 'n bekentenis kan merk. 'n Erkenning ten opsigte van artikel 36 is toelaatbaar omdat beskuldigde nog steeds aan die hof 'n verduideliking kan kom gee.

In R. vs. Hladi,²⁹ het die beskuldigde 'n bekentenis gemaak wat ingevolge artikel 244 van die Strafproseswet no. 56 van 1955 nie toelaatbaar sou wees op 'n klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal nie. Sy bekentenis was egter toelaatbaar ten opsigte van artikel 36 en die beskuldigde is ook aan hierdie artikel skuldig bevind.

In R. vs. Malakeng³⁰ was die beskuldigde aangekla vir diefstal van vier truie en in die alternatief aan artikel 36. Beskuldigde erken dat hy die truie gesteel het en, alhoewel/.....

25. S. vs. Ori, 1963(2) P.H.H.155 (D).

26. Ibid. p.305. Sien ook R. vs. Lekker 1929 (A D) 167 en R. vs. Xulu, 1956(2) S.A. 283 (A).

27. supra.

28. S. vs. Tsina, supra; R. vs. Mokoena, supra; R. vs. Malakeng, supra; R. vs. Arnussen, supra; Hunt, op.cit. p.621. Sien ook Hoffmann, J.J., The South African law of evidence, 2de uitg. Durban, 1970, p. 166.

29. 1958(2) P.H.H.271 (O K).

30. supra.

alhoewel dit 'n ontoelaatbare bekentenis is ten opsigte van diefstal, was dit toelaatbaar ten opsigte van artikel 36.

In R. vs. Schmidt,³¹ is dieselfde standpunt soos in die vorige sake uiteengesit, ingeneem en die beskuldigde is aan artikel 36 skuldig bevind ongeag die erkenning wat hy genaak het.

31. 1960(1) S.A. 666(0).

HOOFSTUK 8.

Kan "Goed" soos beoog deur artikel 36 ook "Gangbare geld" insluit?

Die gewysdes¹ huldig die opvatting dat "goed" soos deur die artikel beoog, nie "gangbare geld" insluit nie.

In Keswa se saak laat Regter van Heerden hom as volg uit:

"The evidence does not indicate that the R25. 73 consisted of anything but un-identified current money". (my onderstreping).

In Boshoff se saak merk die Regter Harcourt² op :

"There is no compelling necessity to hold that the Legislature intended unidentified current money to be included within the prohibition contained in Section 36". (my onderstreping).

Die feite in Boshoff se saak was kortliks die volgende :

Die beskuldigde het by die Spoorweë gewerk as inspekteur. Sy werk behels onder andere om geregistreerde posstukke wat geld bevat, te hanteer. Die dag toe Boshoff gearresteer is, is hy in besit gevind van R228,50½ waar hy slegs 'n salaris van R109,13 verdien het en ook daardie betrokke dag ontvang het. Boshoff word aangekla van diefstal maar word aan artikel 36 skuldig bevind. Hierteen word appèl aangeteken. Regter Harcourt sê onder andere dat artikel 36 streng geïnterpreteer moet word omdat dit 'n strafsanksie bevat. Die rede waarom die Regter nie geld as goed wil interpreteer nie is onder andere die volgende³:

"It is extremely difficult to say how small a quantity of money in the possession of a tatterdemalion would evoke suspicion in the mind of a policeman whether overzealous or not. It is well known that many eccentric misers give outward signs of the most abject poverty and that many Bantus who retain the outward trappings of tribal poverty are yet men of considerable/.....

1. R. vs. Monyane en 'n ander, 1960(3) S.A.20(T); S. vs. Boshoff, supra; S. vs. Mohapie, supra; S. vs. Keswa, 1967(1) P.H.H.186(N); R. vs. Hunt, supra, en S. vs. Johnson, supra.

2. p. 178.

3. supra p.177

considerable substance, if not wealth. In this regard, too, it must be remembered that it is the policeman who, in the first instance, must entertain the reasonable suspicion and must be satisfied with the explanation, if any, advanced and that his conclusion are decisive in regard to apprehension and confinement until the suspect is brought before a judicial officer".

In Monyane se saak was die feite kortliks die volgende :

Beskuldigde was insittendes van 'n huurmotor. Die huurmotor is voorgekeer en beskuldigde is om hulle bewysboeke gevra. Toe die tweede beskuldigde uit die motor klim, het beskuldigde nommer een ongemerk sy hand in nommer twee se sak gestee en 'n beursie daaruit gehaal. Hierop is albei beskuldiges gearresteer en na die aanklagkantoor geneem. Aan beskuldigde no. 1 is £35.16s gevind en aan beskuldigde no. 2 £60 gevind. Beskuldigde 1 verduidelik dat beskuldigde 2 hierdie geld in sy sak geplaas het. Hierop verduidelik no. 2 dat 'n deel van die geld sy salaris is en die ander deel, 'n deel van sy broer se salaris is. Verdere geld wat in no.2 se gordel gevind is, verduidelik hy het hy met dobbelspel gewen. Beskuldigde no. 2 se broer ontken dat hy enige geld aan no. 2 gegee het. Regter Boshoff laat hom as volg uit:⁴

"Mynsinsiens het die wetgewer goed beoog wat gesteel kan word en uitkenbaar is. Dit mag in sekere gevalle wel geld insluit waar dit nie as gangbare geld of geld in omloop beskou kan word nie en "in Specie" uitkenbaar is daar kan natuurlik gevalle wees waar dit byvoorbeeld in 'n besondere vorm of wyse bewaar is en so teruggevind is."

In Mohapie se saak was die feite die volgende :

Getuie is aangebied dat beskuldigde in Kaapstad by 'n firma aangeklop het met die versoek dat 'n 100 dollar noot in Suid-Afrikaanse geld betaalbaar gemaak moet word. Getuie Elliot kontroleer die nommer van die noot met 'n lys van gesteelde note en vind dat die ooreenstem met die nommer van die noot.

Regter/.....

4. supra p.23

Regter Tebbutt bevind dat die noot voldoende geïdentifiseer is om die beskuldigde aan artikel 36 skuldig te vind. Dit is duidelik uit die gewysdes hierbo aangehaal dat slegs unidentified current money uitgesluit word van goed. Die redes waarom ongeïdentifiseerde gangbare geld nie as goed beskou word nie, kan as volg opgesom word.⁵

1. Goedere is dubbelsinnig en omdat ons hier met 'n strafbepaling te doen het, moet dit streng geïnterpreteer word.⁶

2. Dit is nie duidelik uit die bedoeling van die wetgewer dat hy gangbare geld onder goedere wou insluit nie.

3. In Monyane se saak sê Regter Boshoff⁷:

"Dit sou 'n onhoudbare toestand skep en 'n ondraaglike verantwoordelikheid op verkopers van goedere en handelsbanke plaas en die omloop van geld ernstig strem."

4. Dit sal moeilik wees om in te sien dat 'n verdenking redelik kan wees indien 'n beskuldigde in besit gevind word van ongeïdentifiseerde geld.⁸

Dit word in oorweging gegee dat daar 'n onderskeid getref word in gevalle waar die goed eers gevind word en dan 'n vermoede ontstaan dat dit gesteel is en die gevalle waar die polisieman reeds die vermoede het dat die beskuldigde in besit van gesteelde goed is en dit dan in besit van die beskuldigde vind. Dit word in oorweging gegee dat die probleem by gangbare geld nie soseer die identifikasie daarvan is nie, maar wel die redelike verdenking wat moet bestaan en dit is juis wat Regter Boshoff bedoel in Monyane se saak waar hy dit as volg stel:⁹

"Dit is moeilik om die geval in te dink waar 'n persoon in besit kan wees van geld ten opsigte waarvan daar 'n redelike verdenking bestaan dat dit gesteel is."
(my onderstreping) Ook/.....

5. Hunt, P.M.A., op.cit. p.623.

6. S. vs. van Heerden, 1971(2) P.H.H.(S) 58 (K)., R. vs. Mokoena, supra, R. vs. Ndou, supra.

7. supra p.23

8. R. vs. Boshoff, supra

9. supra p.23

Ook is dit duidelik dat dit die redelike verdenking is wat die probleme by geld veroorsaak. Die toets om te beoordeel of 'n verdenking redelik is, is 'n objektiewe een.¹⁰ Indien dus bewys kan word dat daar 'n redelike verdenking was, dan is daar geen rede hoekom 'n beskuldigde nie skuldig bevind kan word aan artikel 36 nie.

Die volgende voorbeelde kan as illustrasie dien :

Gestel dat by 'n uitkykplek by die H.F. Verwoerddam, wat dikwels deur toeriste besoek word, in die voorafgaande week meer as R2 000,00 gesteel is uit motors van verskillende besoekers. 'n Polisieman wat op soek is na leidrade kom op 'n grot af in die onmiddellike omgewing waar hy 'n jong bantoe van 15 jaar aantref. Alle aanduidings is dat die persoon reeds 'n geruime tyd daar bly - meer as 10 km. van die naaste statte of hutte. Hy deursoek die beskuldigde en vind meer as R1 000,00 in kontant aan hom. Dit kan sekerlik beswaarlik beweer word dat sy vermoede, dat die R1 000 gesteel is, nie redelik is nie. Hierdie geld is meteens ook nie ongeïdentifiseer nie, daar hy spesifiek na gesteelde geld op soek was. Die polisieman is nou geregtig om 'n verduideliking van die beskuldigde te verg. Indien sy verduideliking nie 'n bevredigende verduideliking is nie, behoort hy nie skuldigbevinding vry te spring nie. Soveel te meer waar die beskuldigde die polisieman meedeel dat hy die geld gesteel het uit verskillende motors hy sê egter nie uit watter motors nie. Sy rekenskap is beslis nie voldoende nie en so 'n erkenning is ook toelaatbaar.¹¹ Dit word in oorweging gegee dat die beskuldigde in so 'n geval wel aan artikel 36 skuldig bevind kan word.

Om 'n tweede voorbeeld te noem : Gestel 'n beskuldigde word aangekla onder artikel 36 deurdat hy in besit gevind was van R8 kontant wat vermoedelik gesteel is. 'n Konstabel getuig dat terwyl hy besig was om 'n reeks diefstalle uit
motors/....

10. Sien element no. 2., supra.

11. R. vs. Malakeng, supra; R. vs. Schmitt, supra.

motors te ondersoek, hy die beskuldigde genader het en hom meegedeel het dat hy oor inligting beskik dat hy (die beskuldigde) in besit is van gesteelde goedere. Sonder om iets te sê, haal die beskuldigde R8 uit sy tas en oorhandig dit aan die konstabel en sê later : "Dit is geld wat ek en Seker gedeel het". 'n Ander getuie getuig dat hyself, beskuldigde en Seker geld uit 'n motor gesteel het en dit gedeel het. In die hof sê die beskuldigde by wyse van 'n onbeëdigde verklaring dat hyself nie gesteel het nie, maar dat hulle (die ander persone) hom die geld gegee het. Weer eens moet in oorweging gegee word dat hier geen redelike verduideliking is nie en verder, dat die geld hier behoorlik geïdentifiseer is en dat die beskuldigde skuldig bevind behoort te word.

Verder wil dit uit bogemelde gewysdes voorkom asof die howe nie 'n onbuigbare beleid ten aansien van geld neergelê het nie. Elke geval moet volgens eie meriete beoordeel word. Indien dit in 'n betrokke geval moontlik is om ten aansien van gangbare geld 'n redelike verdenking te koester dat dit gesteel is, behoort artikel 36 ook op gangbare geld van toepassing te wees. Indien die omringende omstandighede dus ondubbelsinnig daarop dui dat die possessor nie op 'n eerlike wyse in besit daarvan gekom het nie, is daar geen rede waarom geld nie 'n voorwerp van 'n aanklag onder hierdie artikel kan wees nie.

Vanuit 'n uitlegoogpunt is daar geen aanduiding daarvan dat die wetgewer nie onïdentifiseerbare geld by die aanwendingsgebied van hierdie artikel wou uitsluit nie en daarom kan die vertolker van die artikel nie woorde daarin lees wat nie deur die wetgewer gebruik is nie. Die feit dat dit in die praktyk moeilik is om te bewys dat die beskuldigde wat in besit van geld gevind is, die geld op 'n oneerlike wyse bekom het, beteken nog nie dat dit nie kan gebeur nie.

Ten slotte moet daarop gewys word dat selfs waar daar 'n redelike verdenking bestaan dat hy gesteelde geld in sy besit het, hy 'n veroordeling kan vermy wanneer hy voldoende rekenskap van sy besit gee.

HOOFSTUK 9

STRAF EN AANBEVELINGS.

S T R A F :

Artikel 36 bepaal dat 'n beskuldigde wat aan hierdie artikel skuldig bevind word, dieselfde straf opgelê kan word as wat die geval by diefstal sou wees. Uit die artikel self is daar niks wat sê dat die straf ligter of swaarder as by diefstal moet wees nie.

In S. vs. Rubenstein,¹ sê Regter Ogilvie Thompson dat straf by hierdie artikel ligter behoort te wees as in die geval van diefstal.

Met respek kan nie met die Agbare Regter saamgestem word dat 'n ligter vonnis as by diefstal opgelê moet word nie. Ten eerste is daar niks in die bepalings van artikel 36 self, wat so 'n houding regverdig nie. Ten tweede word dit in die praktyk altyd as versagting in aanmerking geneem dat die klaer sy goed, of minstens 'n deel daarvan, kon terugkry. Indien geen van die goedere teruggevind kon word nie, kan die klaer (a) 'n siviele aksie teen die beskuldigde instel of (b) die hof kan ingevolge artikel 357 van wet No. 56 van 1955 gelas dat die beskuldigde 'n vergoedende boete aan die klaer betaal.

By artikel 36 word die klaer geensins vergoed nie omdat hy anoniem is. Dit word in oorweging gegee dat dit eerder as 'n verswarende faktor beskou moet word, en dat dieselfde straf as vir diefstal opgelê behoort te word. Dit sal natuurlik van die besondere omstandighede van elke saak afhang of 'n swaarder of ligter straf as vir diefstal geregverdig is al dan nie.

AANBEVELINGS:

1. Die begrip goed behoort ook tot gangbare geld uitgebrei te word, waar die feite dit bewys.
2. Dat artikel 36 'n bevoegde uitspraak is op 'n klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal.
3. In gevalle waar beskuldigde onverdedig is, beide die bepalings van artikel 36 en artikel 200 van Wet No. 56 van 1955, aan beskuldigde verduidelik word.

4./.....

1. supra, Sien ook S. vs. Kaplin and Others, 1964(4) S.A.355(T)

4. Direkte beheer of kontrole is voldoende by hierdie artikel en beskuldigde hoef nie daadwerklik teenwoordig te wees nie.
5. Die bepalinge van artikel 36 behoort ook uitgebrei te word na gevalle van besit deur 'n agent of prinsipaal.
6. Besit in die strafreg behoort beide detentio en animus possidendi in te sluit.
7. Die verdenking dat dit gesteelde goedere is, hoef nie volledig te wees terwyl beskuldigde in besit van die goedere is nie. Die dictum in S. vs. Kane² behoort hier nagevolg te word.
8. Daar behoort geen bewyslas op die beskuldigde te rus nie, maar slegs 'n weerleggingslas.
9. Die straf hoef nie noodwendig ligter te wees by artikel 36 as wat dit sou wees vir diefstal nie.
10. Nie slegs 'n redelike verduideliking word van die beskuldigde verwag nie, maar ook 'n bevredigende verduideliking. Hierdie verduideliking moet objektief beoordeel word ten einde die redelikheid daarvan te bepaal.

2. supra.

B R O N N E L Y §.

1. Bibliografie.

- Cooper, W.E. en B.R. Bamford, South African motor law,
Kaapstad, 1965.
- Corpus Juris Civilis deur Mommsen-Krueger, 16de uitg.
Berlyn, 1954.
- De Wet, J.C. en H.L. Swanepoel, Die Suid-Afrikaanse
Strafreg, 2de uitg., Durban 1963.
- Ferreira, J.C., Strafprosesreg in die landdroshof,
Kaapstad, 1967.
- Gardiner, F.G. en C.W.H. Landsdown, South African
criminal law and procedure, 6de uitg.,
Kaapstad, 1957, vol. 2.
- Groenewegen, van der Made, S., Tractatus de legibus
abrogatis et inusitatis in Hollandia vicinisque
regionibus, vert. deur V. Sampson as Treatise
on Roman laws, abrogated and not in force in
Holland and neighbouring countries, Kaapstad,
1908.
- Hiemstra, V.G., Suid-Afrikaanse strafproses, Durban, 1967.
- Hoffman, L.H., The South African law of evidence, 2de
uitg., Durban, 1970.
- Huber, Ulrick, Hedendaagse rechtsgeleertheit, Leeuwarden,
1960.
- Hunt, P.M.A., South African criminal law and procedure,
Kaapstad, 1970, vol. 2.
- Maasdorp, A.F.S., Maasdorp's institutes of South African law,
8ste uitg., Kaapstad, 1960, vol. 2.
- Moorman, Johan, Verhandelinge over de misdaden en der
selver straffen, (voltooi deur van Hasselt), Arnhem,
1764.
- Schmidt, C.V.H., Die bewysreg, Durban, 1972.
- Steyn, L.C., Die uitleg van wette, 3de uitg., deur S.I.E.
van Tonder, Kaapstad, 1963.
- Swift, J.L. en A.B. Harcourt, Law of criminal procedure,
2de uitg., Durban, 1969.

- Van der Keesel, D.G., Dictata ad jus criminale, vert. deur P. van Warmelo en B Beinart in Praelectiones ad jus criminale, Kaapstad, 1973, vol. 3.
- Verloren van Themaat, J.P., Diefstal en, in verband daarmee, bedrog in die Romeins-Hollandse reg, Kaapstad, 1949.
- Vinnius, A., In quattuor libros Institutionum imperialium commentarius academicus et forensis, vert. deur "A.M." in De beginselen des rechts volgens Justinianus, getrokken uit de uitleggingen van Arnoldus Vinnius, Gravenhage, 1729.
- Voet, J., The selective Voet, being the commentary on the Pandects, vert. deur P. Gane, Durban, 1955.
2. Tydskrifartikels en verhandeling.
- Burchell, E.M., Furtum usus, in South African Law Journal, Febr. 1956, vol. 73 no. 1.
- De Wet, J.C., Opmerkings oor twee artikels van die Algemene Regswysigingswet, no. 50 van 1956, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Nov. 1956, vol. 19, no. 4.
- Klopper, C.F., Artikel 36 van wet no. 62 van 1955, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Febr. 1969, Vol. 32, No. 1.
- Naude, H.T.J., Vonnisbespreking, Insake R. vs. Dunyua, in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Nov. 1961, vol. 24, no. 4.
- Swanepoel, H.L., Vonnisbespreking (1), in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Febr. 1956, vol. 19, no. 1.
- Verloren van Themaat, J.P., Vonnisbespreking (2), in Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Febr. 1956, Vol. 19, no. 1.
- Wessels, S.W.V., Sections 36 and 37 of act no. 62 of 1955, in Die Landdros, Febr. 1967, Vol. 2, no. 2.
- Wienand, S., Is furtum usus diefstal en die werklike betekenis daarvan in vergelyking met die huidige opvattinge van diefstal, ongep. verhandeling U.O.V.S. Bloemfontein 1957.

3. S A K E R E G I S T E R.

Ackerman, R. vs., 1931 O.P.D. 64
Arends, S. vs., 1969(3) S.A. 496 (K)
Armugan, R. vs., 1956 (4) S.A. 43 (N)
Balitane, R. vs., 1956(3) S.A. 634 (OK)
Bekker, R. vs., 1929 A.D. 167
Bergh, R. vs., 1927 O.P.D. 177
Bezuidenhout and Another, R. vs., 1957(2) P.H.H.228(OK)
Biyela, S. vs., 1963(3) S.A. 436 (N)
Boshoff, S. vs., 1962(3) S.A. 175 (N)
Brand, R. vs., 1960(3) S.A. 637 (A)
Broodryk, R. vs., 1932 A.D. 131
Buthlezi, vs. S., 1967(2) P.H.H.243 (N)
Carr, R. vs., 1959(2) P.H.H.174 (N)
Charlston, R. vs., 1955(3) S.A. 168 (T)
Choane, vs. S., 1970(2) P.H.H(S) 43 (T)
Christodoulou, S. vs., 1967(2) P.H. 0.45 (N)
Coetzer, R. vs., 1928 E.D.L. 159
De Jager, S. vs., 1965(2) S.A. 616(A)
Dier, R. vs., 1869 3 E.D.C. 436
Dorfling, R. vs., 1954(2) S.A. 125 (O)
Dunyua, R. vs., 1961(3) S.A. 644 (O)
Essack, S. vs., 1963(1) S.A. 922(T)
Feigin, R. vs., 1934 O.P.D.5.
Fortuin, R. vs., 1 B.A.C. 290
Friedland, R. vs., 1931 (1) P.H.H.99 (T)
Goseb, R. vs., 1955(2) P.H.H.39 (S W A)
Hassen, R. vs., 1956(4) S.A. 41(N)
Herringer, R. vs., 1957(2) P.H.H.208 (K)

...../

Hladi, R. vs., 1958(2) P.H.H271 (O K)
Hlongwane, S. vs., 1966(1) P.H.H198 (O)
Horrace, R. vs., 1958(1) P.H.H96 (G W)
Hunt, R. vs., 1957(2) S.A. 465 (N)
Impey and Another, R. vs., 1960(4) S.A. 556 (O K)
Ismail and Another, R. vs., 1958(1) S.A. 206 (A) en
1958(1) P.H.H15 (A)
Johnson, S. vs., 1973 (4) S.A. 434 (R)
Johnson, S. vs., 1970(1) P.H.H19 (N K)
Kaffer, S. vs., 1973(1) P.H.H(S) 50 (K)
Kajee, S. vs., 1965(4) S.A. 274 (T)
Kane, S. vs., 1963(3) S.A. 404 (T) en 1963(1) P.H.H140 (T)
Kaplin and Others, S. vs., 1964(4) S.A. 355 (T)
Keswa, S. vs., 1967(1) P.H.H186 (N)
Khumalo, S. vs., 1964(1) S.A. 498 (N)
Kika, vs. R., 1958(2) P.H.H202 (K)
Kriel, S. vs., 1968(2) P.H.O. 47 (T)
Kuyler, R. vs., 1960(3) S.A. 834 (O)
Laforte, R. vs., 1922 C.P.D. 487
Lamola, S. vs., 1965(1) S.A. 482 (T)
Lamprecht, S. vs., 1964(3) S.A. 733 (O)
Lebenya, R. vs., 1957(2) S.A. 160 (O)
Leguabe, R. vs., 1949(4) S.A. 871 (T)
Le Grange, S. vs., 1962(1) S.A. 564 (T)
Le Grange, S. vs., 1962(3) S.A. 498 (A)
Maarman, R. vs., 1959(2) P.H. H277 (G W)
Malakeng, R. vs., 1956(4) S.A. 662 (T)
Malefane, S. vs., 1969(3) S.A. 442 (O)
Mangquku, S. vs., 1971 (2) S.A. 365 (O K)
Marais en Havenga, R. vs., 1947(3) S.A. 667 (G W)
Mashudute, R. vs., 1959(2) P.H. H170 (G W)

...../

Masobore, R. vs., 1959(1) P.H. H68 (G W)
Matheza, R. vs., 1958(1) P.H. H123 (G W)
Mathule, R. vs., 1959(2) P.H. H235 (G W)
Matsoso, R. vs., 1950(4) S.A. 178 (O)
Matsowana, R. vs., (1919) E.D.L. 56
May, R. vs., 1924 O.P.D. 281
Mbisi, R. vs., 1950(1) S.A. 219 (N)
Mdunge en 'n Ander, R. vs., 1955(1) S.A. 693 (N)
Mkize, R. vs., 1961(4) S.A. 77 (N)
Mlambo and another, S. vs., 1971(4) S.A. 172 (N)
Mogatla, S. vs., 1966(1) P.H. H237 (G W)
Mohale, R. vs., 1959(2) S.A. 216 (O)
Mohapie, S. vs., 1969(4) S.A. 446 (K)
Mokoena, vs. S., 1962(2) P.H. H144 (O K)
Mokoena, S. vs., 1963(1) P.H. H.32 (O)
Mokoena, R. vs., 1957(1) S.A. 398 (T)
Monchusi, S. vs., 1967(2) P.H. H289 (G W)
Mondile, S. vs., 1966(2) P.H. H364 (G W)
Monyane an 'n Ander, R. vs., 1960(3) S.A. 20(T)
Moodley, R. vs., 1956(1) P.H.O. 8 (N)
Moodley, vs. S., 1963(1) P.H. H97 (N)
Motau, R. vs., 1947(1) S.A. 667 (T)
Mquanatsi, R. vs., 1956(2) P.H. H 141(O K)
Mtaung, R. vs., 1948(4) S.A. 120 (O)
Mtimkulu en Andere, R. vs., 1959 (4) S.A. 597 (O)
Mtshali, R. vs., 1960(4) S.A. 252 (N)
Muller en Kriel, R. vs., 1959(1) P.H. H.99(O K)
Murphy, R. vs., (1906) 20 E.D.C. 62
Nabo, S. vs., 1968(4) S.A. 699 (O K)
Nader, S. vs., 1963(1) S.A. 843 (O)

Naidoo, S. vs., 1970(1) S.A. 358(A)
Ndlovu, S. vs., 1963(1) P.H.H77 (N)
Ndou, R. vs., 1959(1) S.A. 504 (T)
Ngubane, R. vs., 1933 N.P.D. 748
Nguni, R. vs., 1931 T.P.D. 184
Nongogo, R. vs., 1958(1) P.H. H10 (O K)
Ntathambona, S. vs., 1972(1) S.A. 542 (N)
Ntlonlo, R. vs., 1960(2) P.H. H349 (O)
Olivier, R. vs., 1921 T.P.D. 120
Ori, S. vs., 1963(2) P.H. H165 (O)
Papenfus, R. vs., 1970(1) S.A. 371 (R)
Peterson, R. vs., 1956(1) S.A. 544 (G W)
Prinsloo, R. vs., 1958(1) S.A. 77(T)
Rabie, S. vs., 1973(1) P.H. H(S) 44(K)
Radebe, S. vs., 1962(2) P.H. H146 (O)
Reddy, S. vs., 1962(2) S.A. 343 (N)
Rehlama, R. vs., 1957(2) P.H. H164 (O)
Rish and Others, R. vs., 1862, 1 Roscoe 31
Rosana, S. vs., 1967(2) S.A. 606 (O K)
Roux, R. vs., 1946 E.D.L. 248
Rubenstein, S. vs., 1964(3) S.A. 480 (A)
Schmitt, R. vs., 1960(1) S.A. 666 (O)
Sebola, R. vs., 1960 (2) S.A. 289 (T)
Seeiso, R. vs., 1958 (2) S.A. 231 (G W)
Serfontein, S. vs., 1962(2) P.H. K.64 (K)
Sibiya, R. vs., 1955(4) S.A. 247 (A)
Sinetile, R. vs., 1932 E.D.L. 213
Siswana, S. vs., 1968(4) S.A. 251 (O K)
Slabbert, R. vs., 1941 E.D.L. 109
Strauss, R. vs., 1948(1) S.A. 42(N)

...../

Taljaard, R. vs., 1950(4) S.A. 323 (K)
Tole, R. vs., 1924 E.D.L. 165
Trust Bank vs. Eksteen, 1964(3) S.A. 402(A)
Tsina, S. vs., 1970(1) P.H. H(S) 40 (Botswana)
Tsiu, S. vs., 1964(3) S.A. 738(0)
Tsotitsie and Another, R. vs., 1953(1) S.A. 239 (T)
Van Eck, R. vs., 1958(1) P.H.H.108 (O)
Van Eeden, S. vs., 1964(1) P.H.H.42 (T)
Van Heerden, S. vs., 1968(1) S.A. 65 (G W)
Van Heerden, S. vs., 1971(2) P.H.H(S) 58 (K)
Van Noorden vs. Wiese, (1883) 2. S.C. 47
Vaaltyn, S. vs., 1966(3) S.A. 728 (O K)
Williams, R. vs., 1959(1) P.H.H.128 (G W)
Wilson, S. vs., 1962(2) S.A. 619(A)
Xulu, R. vs., 1956(2) S.A. 288 (A)
Zulu, S. vs., 1971(2) S.A. 208 (N)

